


# **DIE ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN DIE STANDAARDSTELLING VAN HANDHAAFBARE VERDIENSTE EN RIGLYNE DAARVOOR**

**L P STEENKAMP**

Werkstuk ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die  
graad Magister in Rekeningkunde aan die Universiteit van Stellenbosch.



Studieleier : Prof. C. J. van Schalkwyk

Maart 2002

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk vervat, my eie oorspronklike werk is en dat dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

**LEON PIETER STEENKAMP**

## OPSOMMING

Verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel is twee gewilde prestasiemaatstawwe, ten spyte van 'n aantal tekortkominge. Hierdie werkstuk lewer 'n betoog dat 'n addisionele maatstaf in die finansiële state geopenbaar behoort te word, naamlik handhaafbare verdienste. Die doelstelling van handhaafbare verdienste is om 'n aanduiding te gee van die kernverdienste van 'n maatskappy, geskei van die effek van eenmalige items wat na verwagting nie die resultate in toekomstige jare sal beïnvloed nie.

Die beweegrede vir so 'n maatstaf word in hoofsaak gebaseer op die behoeftes van gebruikers van finansiële state en die aanwending wat dit in hul analyses kan vind. Daar is omstandigheidsgetuieis wat daarop dui dat gebruikers 'n aanduiding verlang van die handhaafbare verdienste per aandeel. Daar word ook 'n betoog gelewer dat die openbaarmaking van handhaafbare verdienste in die belang van gebruikers is, aangesien die moontlikheid bestaan dat gebruikers nie noodwendig die kennis of tyd het om self so 'n berekening te maak nie.

Die voorstelle wat gemaak word, behels onder andere die uitsluiting van eenmalige items uit die berekening van handhaafbare verdienste en dat veranderinge in rekeningkundige ramings terugwerkend aangepas behoort te word. Daar word ook voorstelle gemaak vir omvattende openbaarmaking ten einde die oorweging van verdienste te vergemaklik.

## **ABSTRACT**

Earnings per share and headline earnings per share are two popular performance measures, in spite of a number of shortcomings. This assignment argues that an additional performance measure ought to be disclosed in the financial statements, namely maintainable earnings. The objective of maintainable earnings is to give an indication of the core earnings of the company, excluding the effect of non-recurring items that are not expected to influence the financial results in future years.

The reason for this performance measure is mainly based on the needs of the users of financial statements and the application that it finds in their analyses. There is circumstantial evidence that shows that users want an indication of maintainable earnings per share. It is also argued that the disclosure of maintainable earnings is in the interest of the users of financial statements, as they do not necessarily have the knowledge or time to make the necessary calculations for themselves.

The recommendations made are, among others, that non-recurring items be excluded from the calculation of headline earnings and that changes in accounting estimates be done retrospectively. Recommendations for comprehensive disclosure are also made to be of help in the evaluation of earnings.

## DANKBETUIGINGS

Graag bedank ek die volgende persone wat 'n rol gespeel het in die proses van hierdie werkstuk:

- Carien, vir haar geduld, raad, ondersteuning en aanmoediging ten alle tye;
- My ouers vir hul ondersteuning en aanmoediging, ook vir die studies wat hierdie graad vooraf gegaan het;
- Sanet, wat altyd met 'n glimlag gewillig was om nog veranderinge aan te bring;
- Professor van Schalkwyk wat altyd bereid was om by te staan met raad en voorstelle;
- Die persone wat ten spyte van druk skedules die tyd gemaak het om vraelyste in te vul en onderhoude toe te staan;
- Die personeel van die JS Gericke biblioteek, spesifiek Interlenings, wat van hulp was om die bronne te versamel; en
- PricewaterhouseCoopers, spesifiek Pieter van der Poel, wat my die geleentheid gegun het om hierdie werkstuk te voltooi.

# INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1 : INLEIDING .....	1
1.1    Agtergrond en probleemstelling.....	1
1.2    Doelstellings.....	5
1.3    Navorsingsmetodiek.....	6
1.4    Uiteensetting van die werkstuk.....	6
HOOFSTUK 2 : 'N BESPREKING VAN VERDIENSTE EN WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL .....	8
2.1    Inleiding.....	8
2.2    Kritiese kommentaar op verdienste per aandeel.....	9
2.2.1    Opsommende maatstaf .....	10
2.2.2    Verband tussen verdienste en waarde.....	11
2.2.3    Foutiewe teller.....	13
2.2.4    Wanpersepsie van verbeterde opbrengs .....	14
2.2.5    Historiese aard .....	14
2.2.6    Die effek van die balansstaatbenadering op die berekening van inkomstestaatmaatstawwe.....	15
2.3    Argumente ten gunste van VPA .....	17
2.3.1    Gewildheid .....	17
2.3.2    Kontantvloei versus verdienste.....	18
2.3.3    Wye beskikbaarheid .....	19
2.4    Algemene kommentaar op wesensverdienste per aandeel.....	19
2.4.1    Kapitaalwinste en –verliese .....	20
2.4.2    Handelsprestasie.....	20
2.4.3    Eenvoudige berekening.....	21

2.4.4	Teoretiese aansuiwerings.....	21
2.4.5	Wanpersepsie onder gebruikers.....	22
2.5	Kommentaar op RE 306 se voorskrifte.....	23
2.5.1	Handelswinste en –verliese.....	23
2.5.2	Eindigende bedrywighede.....	26
2.5.3	Kapitaalwinste en –verliese.....	27
2.5.4	Winste en verliese met betrekking tot langtermynskuld.....	28
2.5.5	Vorige jaar-aanpassings.....	28
2.5.6	Kapitale voorsienings.....	29
2.5.7	Klandisiewaarde.....	29
2.5.8	Pensioenfondskoste.....	32
2.5.9	Buitelandse valuta.....	33
2.5.10	Aanpassings aan belasting.....	33
2.5.11	Buitengewone items.....	33
2.6	Samevatting.....	34

### HOOFSTUK 3 : ARGUMENTE VIR DIE OPENBAARMAKING EN

#### STANDAARDSTELLING VAN HANDHAAFBARE VERDIENSTE ..... 36

3.1	Inleiding.....	36
3.2	Doelstellings en definisie van handhaafbare verdienste.....	36
3.3	Argumente ten gunste van 'n addisionele prestasiemaatstaf.....	37
3.3.1	Prysverdienste-verhoudings.....	38
3.3.2	Oordeel.....	39
3.3.3	Bepaalde kennis of toegang tot bronne.....	40
3.3.4	Tydige inligting.....	42
3.3.5	Reg tot inligting.....	42
3.3.6	Betroubaarheid.....	43
3.3.7	Dividendbetalingsvermoë.....	43

3.3.8	Verdere argumente .....	44
3.3.9	Onsekere berekeningsmetode .....	45
3.4	Rede vir standaardstelling .....	45
3.5	Samevatting .....	47

#### HOOFSTUK 4 : DIE HANTERING VAN ITEMS BINNE 'N RAAMWERK

	VAN HANDHAAFBAARHEID .....	49
4.1	Inleiding.....	49
4.2	Buitengewone items .....	50
4.3	Tersaaklike handelsitems wat eenmalig van aard is .....	52
4.3.1	Die afskrywing van voorraad tot netto realiseerbare waarde .....	57
4.3.2	Die afskrywing van eiendom, aanleg en toerusting tot die verhaalbare bedrag en die terugskrywing van die waardedaling .....	58
4.3.3	Herstrukturering van die bedrywighede van die onderneming en die omswaai van voorsienings vir herstrukturingskoste .....	58
4.3.4	Vervreemding van eiendom, aanleg en toerusting.....	60
4.3.5	Vervreemding van langtermynbeleggings.....	62
4.3.6	Eindigende bedrywighede .....	62
4.3.7	Skikking van regsgedinge.....	65
4.3.8	Ander omswaaings van voorsienings .....	66
4.3.9	Samevatting .....	66
4.4	Waardevermindering .....	66
4.5	Klandisiewaarde.....	67
4.6	Kapitale voorsienings .....	68
4.7	Belasting .....	68
4.8	Voorkeurdividende .....	69
4.9	Verandering in raming .....	70
4.10	Oornames en samesmeltings.....	73



4.11	Segmentinligting.....	78
4.12	Gekonsolideerde state .....	78
4.13	Ten volle verwaterde syfers.....	79
4.14	Openbaarmaking.....	80
4.15	Omvang .....	84
4.16	Beperking.....	84
4.17	Formaat van standpunt of mening .....	84
4.18	Samevatting .....	85
HOOFSTUK 5 :	SAMEVATTING EN SLOT.....	88
BYLAAG A :	RESPONDENTE .....	90
BYLAAG B :	VRAELYS.....	92
BYLAAG C :	OPSOMMING VAN RESULTAAT VAN VRAELYSTE EN ONDERHOUDE .....	97
VERWYSINGS	.....	100

# HOOFSTUK 1 : INLEIDING

## 1.1 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

Verdienste per aandeel (VPA) is een van die mees algemene finansiële maatstawwe vir die bepaling van 'n maatskappy se prestasie (Jerris, 1998:11). Enige sake-dagblad kan oopgeslaan word en dit is die verandering in verdienste per aandeel wat gerapporteer word. Toenemend word ook, of selfs eksklusief, die verandering in wesensverdienste per aandeel deur die finansiële media gerapporteer.

Wesensverdienste per aandeel is 'n finansiële maatstaf wat omskryf word in RE 306: Wesensverdienste, 'n mening in Januarie 1996 uitgereik deur die Taakgroep vir Rekeningkundige Vraagpunte (TRV) (TRV, 1996). Hierdie mening was gedryf deur die inwerkingtreeding van RE 103 (Hersien) (SAIGR, 1995a). (Hierna word daar slegs verwys na RE 103.) RE 103 verskaf 'n omskrywing van welke items binne netto wins opgeneem word. Dit doen ook, op beperkte uitsonderings na, weg met buitengewone items soos omskryf in die vorige standpunt. Dit het tot gevolg dat byna alle items nou 'n invloed op verdienste het. Omdat feitlik alle gebeure met 'n wins-effek nou 'n effek op VPA het, het die VPA-syfers volatiel geraak. RE 306 se doel was om hierdie situasie aan te spreek en dit word as volg verwoord in die mening:

“... om die openbaarmaking van 'n feitelike syfer vir historiese verdienste aan te moedig wat as normsyfer vir die handelsprestasie van die jaar dien, geskei van winste en verliese voortspruitend uit kapitaalitems” (TRV, 1996: par. 3).

Ten spyte van die gewildheid van wesensverdienste per aandeel, gaan dit gebuk onder 'n aantal tekortkominge.

Die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) is besig met 'n harmoniseringsprojek waarvolgens alle rekeningkundige standpunte in lyn gebring word met

internasionale rekeningkundige standaarde soos deur die *International Accounting Standards Committee (IASC)* gedefinieer. Dit het gelei tot groot veranderinge in Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP). RE 306 is redelik vroeg in die harmoniseringsfase uitgereik, en was nie gebaseer op 'n standpunt deur die IASC uitgereik nie. Dit is gegrond op 'n praktykestandaard uitgereik deur die *Institute of Investment Management and Research (IIMR)*. Hierdie proses van verandering het daartoe gelei dat RE 306 verouderd geraak het, en dus hersien moet word. Die Taakgroep het in Maart 2000 hieraan begin werk (Dickinson, 2000:20).

RE 306 stel as inleiding tot die mening 'n tekortkoming van die wesensverdienste-syfer, naamlik dat dit nie 'n aanduiding gee van handhaafbare verdienste nie (TRV, 1996:1). Dit is hierdie tekortkoming wat hoofsaaklik in hierdie werkstuk aangespreek word.

Van der Kooy (2000b:7) waarsku dat in die evaluering van die top maatskappye op die Johannesburgse Effektebeurs (JEB) daar nie verwerkings gedoen kon word vir buitengewone en eenmalige gebeurtenisse nie. Dit kan tot gevolg hê dat 'n syfer nie die ware aard of die prestasie van die wesensbedrywighede van 'n maatskappy weerspieël nie, omdat dit beïnvloed word deur eenmalige gebeurtenisse. Later in dieselfde bylaag stel Van der Kooy dit onomwonde dat aandeelpryse nie deur 'n maatskappy se prestasies in die verlede bepaal word nie, maar deur sy verwagte prestasies in die toekoms, veral wat betref sy verwagte winsgroei (2000a:24-25). Hy gaan selfs so ver om voor te stel dat die historiese prysverdiensieverhouding in sakeblaaie aangevul moet word met 'n verwagte verhouding vir die volgende twee jaar. So 'n voorspelling val egter buite die evalueringveld van die eksterne ouditeur (*Extraordinary Times*, 1992:12). Dissiplinêre reël 2.1.11 van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad (OROR) bepaal dat 'n ouditeur skuldig sal wees aan onbehoorlike gedrag indien hy toelaat dat sy naam gebruik word in verband met enige raming van verdienste van 'n toekomstige transaksie op 'n manier wat kan lei tot die mening dat die ouditeur vir die akkuraatheid van die vooruitskatting instaan (OROR, 1990). Die naaste wat aan 'n toekomsvoorspelling gekom kan word, is om 'n aanduiding te gee van die mate van handhaafbaarheid in die historiese syfers. Daar is egter tans 'n sterk beweging na toekomsrapportering waarin meer inligting oor verwagte toekomstige toestande en resultate

geopenbaar word (sien byvoorbeeld *Financial Accounting Standards Board (FASB)*, 2001). In die lig hiervan mag dit selfs moontlik wees om in toekomstige jare 'n eksplisiete winsvoorspelling in die geouditeerde finansiële state te sien.

Damant (13 Julie 2001) voer aan dat die bepalings vir die berekening van wesensverdienste nie onderhewig is aan oordeel nie, en dat daar nie van hierdie bepalings afgewyk word in die praktyk nie. Dit is egter nie die geval in Suid-Afrika nie. Hattingh (1999a:25) het 'n opname gedoen en gevind dat uit 16 maatskappye wat wesensverdienste openbaar, 10 nie die riglyne nagekom het nie. Everingham en Watson (1999b:10) wys op drie afwykings van die riglyne vir wesensverdienste wat te bespeur is in Unitrans Bpk se finansiële state. Alhoewel dit nie wetenskaplike studies behels nie, bied dit tog omstandigheidsgetuienis dat die toepassing van die riglyne te kort skiet.

Die werkstuk poog om onder andere hierdie gebrek aan te spreek, deur 'n betoog te lewer vir 'n addisionele prestasiemaatstaf, naamlik handhaafbare verdienste. Buiten vir die swakhede hierbo aangehaal, is daar ook internasionale tendense te bespeur wat stukrag agter so 'n tipe maatstaf sit.

In Amerika het 'n praktyk ontstaan om *pro forma* verdienste in persverklarings bekend te maak. Hierdie *pro forma* verdienste word 'n verskeidenheid benaminge toegeken, byvoorbeeld kontantbasis, aangepaste, onderliggende, voortgesette of kernresultate (*Financial Executives International (FEI)*, 2001). Dit geniet gewildheid in Amerika, met 250 uit 6000 maatskappye wat reeds so 'n alternatiewe syfer bekend maak. Dit wil voorkom asof die alternatiewe syfers toenemend gebruik word om te bepaal watter waarde aan aandele gekoppel moet word (Gillis, 2001:H01). Aanvanklik was dit geprys as tot voordeel vir aandeelhouers, maar kritici het besware begin opper teen die inkonsekwentheid van die maatstawwe, en die feit dat dit gewoonlik vaag gedefinieer word (*Are the numbers*, 2001). Volgens Ferling (1996:52) het die verskeidenheid van alternatiewe prestasiemaatstawwe gelei tot verwarring, en nie duidelikheid rondom die interpretasie van finansiële state wat opgestel is volgens AARP nie. Buiten vir verskille wat te

bespeur is tussen maatskappye, kom dit voor asof dit nie konsekwent deur dieselfde maatskappy van jaar tot jaar gerapporteer word nie (Tanju, 2001). Daar word reeds wense uitgespreek dat die openbaarmaking van alternatiewe prestasiemaatstawwe in finansiële state deur 'n standpunt gereguleer word, sodat alle maatskappye op dieselfde wyse kan rapporteer (Glasner, 2001).

Turner (2000) van die *Securities and Exchange Commission* het besonder sterk uitspraak gelewer teen wat hy *EBS, Everything but Bad Stuff*-openbaarmaking noem. Voorbeelde wat hy aanhaal is die volgende:

- Verdienste voor bemarkingskoste;
- Kontantverdienste wat geen verband hou met kontantvloei nie, maar wat eerder verdienste is wat aangepas is vir die amortisasie van geselekteerde items; en
- Verdienste voor die verliese van nuwe produklyne.

Daarenteen het Eugene S. Weil, besturende direkteur van Milestone Merchant Partners, 'n Washington aksepsbank, sy ondersteuning aan hierdie tipe openbaarmaking toegewys. Volgens hom is dit nuttig, veral as die impak van oornames en samesmeltings oorweeg word (Barbash, 2001:H01).

'n Voorbeeld van hierdie willekeurige openbaarmaking is Amazon.com se winsaankondiging vir die eerste kwartaal in 2001 (Amazon.com, 2001). 'n *Pro forma* bedryfsverlies van \$49 miljoen (\$0.21 per aandeel) is bekend gemaak, in vergelyking met 'n netto verlies volgens Amerikaanse Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk van \$234 miljoen (\$0.66 per aandeel). In die persverklaring word daar slegs melding gemaak van \$114 miljoen se herorganisasiekoste wat nie by die *pro forma* resultate in ag geneem is nie. In die finansiële state word daar dan 'n verdere vae aanduiding gegee van hul beleid ten opsigte van *pro forma* resultate.

In reaksie op hierdie gebruik het die Amerikaanse organisasies *Financial Executives International (FEI)* en *National Investor Relations Institute (NIRI)* riglyne neergelê waaraan persverklarings oor

verdiensie behoort te voldoen. Daar word erkenning gegee dat die *pro forma* verdiensie analities bruikbaar kan wees, maar daar word voorgestel dat dit binne die konteks van die AARP-verdiensie aangebied moet word. 'n Rekonsiliasie tussen die twee maatstawwe moet aangebied word. Dit volg dus hieruit dat beide die *pro forma* verdiensie en verdiensie volgens AARP bekend gestel moet word. 'n Verdere vereiste is dat die rekonsiliërende items konsekwent oor verskillende periodes hanteer moet word (FEI, 2001).

Damant (1993b:75), voorsitter van die komitee wat die huidige en hersiene standpunt oor *Headline earnings* in Engeland geskryf het, is van mening dat VPA 'n analitiese maatstaf is, en as sulks het analiste 'n noemenswaardige bydrae te maak in die bepaling van die berekeningsmetode. Die komitee deur Damant gelei, het egter gevoel dat die analitiese maatstaf handhaafbare verdiensie nie haalbaar was nie. Hierdie werkstuk voer redes aan oor, eerstens, hoekom handhaafbare verdiensie 'n belangrike maatstaf is, en tweedens, hoekom daar gestandaardiseerde riglyne vir die berekening van handhaafbare verdiensie neergelê behoort te word. Daar word in hierdie werkstuk teen die agtergrond van handhaafbaarheid 'n aantal tekortkominge van VPA en wesensverdiensie uitgelig, asook ander tekortkominge wat uit die literatuur blyk. Die werkstuk gaan dan 'n stap verder as *Statement of Investment Practice No. 1 (SIP 1)* en maak wel 'n aantal voorstelle oor hoe handhaafbare verdiensie bereken behoort te word.

## 1.2 DOELSTELLINGS

In die ondersoek van die onderwerp sal gepoog word om sekere probleme met wesensverdiensie per aandeel aan te spreek en om voorstelle te maak vir verbetering. 'n Samevattende syfer wat handhaafbaarheid nastreef, word in die vooruitsig gestel.

Daar sal spesifiek probeer word om antwoorde op die volgende vrae te vind:

- Wat is die tekortkominge van wesensverdiensie en verdiensie per aandeel?

- Is daar argumente aan te voer ten gunste van handhaafbare verdienste se standaardisering en openbaarmaking?
- Watter prestasiemaatstaf kan daargestel word om aan die behoeftes van gebruikers te voldoen?

Daar moet gelet word dat hierdie werkstuk nie die hantering van die deler, dit wil sê die aantal aandele, aanspreek wat gebruik word in verdienste per aandeel-berekening nie. Slegs die syfer gebruik as verdienste word onder oënskou geneem.

### **1.3 NAVORSINGSMETODIEK**

Die navorsing is gedoen deur 'n omvattende literatuurstudie uit te voer, aangesien daar geen samevattende literatuur gevind kon word waarop 'n vraelys gebaseer kon word nie. Nadat genoeg inligting ingesamel is om 'n vraelys op te stel, is 'n aantal persone in die beleggersmark se reaksie op die voorstelle vir die berekening van handhaafbare verdienste getoets deur 'n vraelys aan hulle te stuur, en in sommige gevalle verdere onderhoude te voer. Dit behels nie 'n empiriese studie nie, maar bied slegs 'n aanduiding van die moontlike gebruik of aanvaarding van die voorstelle in die institusionele beleggersmark.

### **1.4 UITEENSETTING VAN DIE WERKSTUK**

In hoofstuk twee word kommentaar gelewer op verdienste en wesensverdienste per aandeel. Dit dien as agtergrond tot die daarstelling van 'n addisionele prestasiemaatstaf, deurdat die positiewe aspekte van opsommende maatstawwe uitgelig word en die probleme met die huidige maatstawwe bespreek word. 'n Meer gedetailleerde beskouing van die bepalings vir die berekening van wesensverdienste word ook gedoen.

Hoofstuk drie voer die argumente van hoofstuk twee verder en gee 'n uiteensetting van die argumente ten gunste van 'n addisionele prestasiemaatstaf, asook 'n samevatting van die oogmerke met handhaafbare verdienste. Dit word gedoen deur 'n beoordeling van die behoeftes van gebruikers met betrekking tot finansiële verslagdoening. Oorweging word geskenk aan redes waarom die berekening van handhaafbare verdienste gestandaardiseer behoort te word.

In hoofstuk vier word die tekortkominge wat in hoofstuk drie aangevoer is, aangespreek deur voorstelle te maak vir die berekening van handhaafbare verdienste. Die voorstelle word gemaak deur 'n verbetering op die bepalings vir wesensverdienste voor te stel, en ook deur ander aangeleenthede wat in die literatuur geopper word, te oorweeg. Voorstelle word gemaak vir omvattende openbaarmaking en die formaat waarin 'n standpunt of mening aangebied behoort te word.

Die werkstuk word afgesluit deur hoofstuk vyf waar 'n samevatting gegee word van hoofstukke een tot vier.



## HOOFSTUK 2 : 'N BESPREKING VAN VERDIENSTE EN WESENS- VERDIENSTE PER AANDEEL

### 2.1 INLEIDING

Verdienste per aandeel (VPA) is 'n belangrike opsommende maatstaf wat gebruik word om 'n maatskappy se finansiële prestasie te kommunikeer, interpreteer en te voorspel (Stanko & Zeller, 1998:21). Met die instelling van RE 103 (Hersien) in 1995 wat 'n veel enger omskrywing van buitengewone items voorgeskryf het, het feitlik alle inkomstestaat-items nou 'n effek op VPA. Voorheen sou verskeie items uitgesluit gewees het van VPA, omdat dit as buitengewoon geklassifiseer was. Om die wanaanwending van die definisie van buitengewone items stop te sit, is die strekwydte vernou in ooreenstemming met die internasionale neiging. Buitengewone items word tans gedefinieer as volg:

“Buitengewone items is inkomste of uitgawes wat voortspruit uit gebeure of transaksies wat duidelik van die gewone bedrywighede van die onderneming onderskei kan word en dus na verwagting nie dikwels of gereeld herhaal sal word nie” (SAIGR, 1995a:par. 5).

Smith (1997:25) is van mening dat die situasie sodanig verander het dat VPA nie altyd betroubaar is ná die verandering in die definisie van buitengewone items nie, en gevolglik van minder nut is vir beleggers. Hierdie situasie is aangespreek deur RE 306 wat die berekening van wesensverdienste per aandeel uiteensit.

In die res van die hoofstuk sal sommige tekortkominge en positiewe aspekte van VPA en wesensverdienste per aandeel apart hanteer word. Die bepalings vir die berekening van wesensverdienste word tesame met die tekortkominge en positiewe aspekte in afdelings 2.4 en 2.5 behandel.

## 2.2 KRITIESE KOMMENTAAR OP VERDIENSTE PER AANDEEL

Verdienste per aandeel word bereken deur verdienste te deel deur 'n geweege gemiddelde aantal aandele. Verdienste word bereken as netto wins vir die tydperk na aftrekking van voorkeurdividende. Die geweege gemiddelde aantal aandele word bereken deur aandele wat vir waarde uitgereik word, te weeg vir die periode wat dit uitgereik was. Waar aandele vir geen waarde uitgereik word nie, byvoorbeeld wanneer aandele verdeel word, word geen weging toegepas nie, en word die aandele terugwerkend aangepas om die uitreiking te weerspieël (Everingham & Watson, 1979:7:8). RE104 (SAIGR, 1999a) gee gedetailleerde voorskrifte en behoort ondersoek te word om die kompleksiteit van die berekening van VPA te verstaan.

Verdienste per aandeel se gewildheid is toeskryfbaar aan onder andere die volgende faktore (Rickey, 1969:9):

- Dit is een van die faktore wat die aandeelprys beïnvloed;
- Dit is 'n bepalende faktor in die bepaling van die dividend wat betaal word; en
- Dit is 'n maatstaf waaraan bestuur se prestasie van jaar tot jaar gemeet kan word.

Ten spyte van hierdie geldige voordele van verdienste, word daar baie kritiek gelewer teen die maatstaf, en dit is hoofsaaklik hierdie negatiewe aspekte wat in hierdie afdeling aangespreek sal word. Tesame met die kritiek word daar ook teenargumente aangebied.

Die kritiek gelewer teen VPA kan kortliks as volg opgesom word:

- VPA is 'n opsommende maatstaf wat nie die volle prestasie van die maatskappy kan weergee nie;
- Daar is nie 'n duidelike verband tussen verdienste en aandele-opbrengste nie;
- 'n Foutiewe teller word gebruik in die berekening van VPA;

- VPA kan 'n wanpersepsie van verbeterde opbrengste skep, terwyl daar nie werklik 'n verbetering was nie;
- VPA gee slegs historiese inligting weer; en
- Verdienste se betekenis het vervaag as gevolg van die balansstaatbenadering wat gevolg word in die opstel van rekeningkundige standaarde.

### 2.2.1 Opsommende maatstaf

Een van die felste punte van kritiek wat gelewer word teen VPA is dat dit 'n opsommende syfer is wat voorgee om die prestasie van die maatskappy te weerspieël (Tweedie & Whittington, 1990:97). Die standaardstellers in Engeland het so ver gegaan om dit aan te spreek in *FRS3: Reporting Financial Performance* en stel dit spesifiek dat een syfer nie die prestasie van 'n maatskappy kan saamvat nie (Damant, 1993a:97). Ironies genoeg, het die pogings deur die standaardstellers om die fokus te verskuif vanaf verdienste per aandeel na meer omvattende analyses, presies die teenoorgestelde reaksie gehad. Dit het gelei tot meer gedetailleerde, en daarmee saam, meer versigtige analyses van VPA. Die instelling van 'n maatstaf soos wesensverdienste per aandeel is juis 'n voorbeeld hiervan (Stead, 1995:38). Hoewel Tweedie en Whittington (1990:97) se kritiek ten opsigte van VPA geldig is, verwyder dit nie feit dat VPA die gunsteling maatstaf is om te rapporteer in die finansiële pers nie (Jerris, 1998:11).

Hierdie kritiek kontrasteer ook deels met die voorstelle van 'n studie deur die *Accounting Standards Board (ASB) Year-end financial reports: improving communication*. Daarin word aanbeveel dat daar verkorte of opsommende finansiële state gestuur word na alle aandeelhouers, buiten as hulle die volledige finansiële verslag verlang (PricewaterhouseCoopers, 2000b). As die voorstelle geïmplementeer word, sal dit weereens aanleiding gee tot oormatige vertrouwe op enkele maatstawwe, aangesien die volledige inligting nie onmiddellik beskikbaar sal wees aan alle aandeelhouers nie. Hierdie bevinding is dus nie konsekwent met *FRS3* wat juis wil wegbeweeg van opsommende inligting nie. Daar word selfs in die vooruitsig gestel dat finansiële oorsigte aan aandeelhouers gestuur word wat nie inligting in die tradisionele tabelvorm aanbied nie, maar

eerder 'n bespreking van finansiële hoogtepunte sal behels. Op 'n oorweging van waarskynlikheid en na aanleiding van huidige tendense, sal VPA waarskynlik een van die hoofpunte van bespreking wees.

### 2.2.2 Verband tussen verdienste en waarde

Stewart (1991:2) voer aan dat daar geen verband gevind kan word tussen VPA en aandelepryse nie. Daar is egter verskeie studies gedoen wat bevind het dat verdienste inkrementele waardasie-relevante inligtingsinhoud bo minstens kontantvloei het (Clubb, 1995:47). (Sien byvoorbeeld Clubb en Charitou (1999) en Charitou en Ketz (1990) vir soortgelyke bevindinge.)

'n Voorbehoud moet gestel word tot kommentaar gelewer deur Stewart, aangesien hy een van die stigterslede van Stern Stewart & Co. is. Stern Stewart het 'n belang daarby om VPA af te maak as irrelevant, aangesien die maatskappy *Economic Value Added* (EVA<sup>TM</sup>) as handelsmerk geregistreer het as 'n beter prestasiemaatstaf. Dit is dus in Stewart se belang om VPA as niksseggend af te maak. Dit is interessant om te let dat 'n studie deur Biddle, Bowen en Wallace (1998) gevind het dat *EVA* nie meer inligtingswaarde as VPA het nie. Daar is ook reeds verskeie studies gedoen wat die verband tussen verdienste en aandele-opbrengs ondersoek. (Sien Chia, Czerkowski en Loftus (1997:112) vir 'n lys van studies en Van Niekerk (1992) en Lev (1989) vir omvattende besprekings van 'n aantal studies). In hierdie studies is daar bevind dat daar wel 'n verband tussen verdienste en aandele-opbrengste is. In 'n werkstuk gedoen oor die gebruikswaarde van kontantvloei-inligting, is daar bevind dat verdienste meer gebruikswaarde as kontantvloei-inligting vir gebruikers van finansiële state het (Van Niekerk, 1992:158). Verdienste het in Van Niekerk se werkstuk die sterkste verband getoon met dividende, aandelepryse en verandering in aandelepryse. Dit het ook die beste aanduiding gegee van maatskappye wat misluk, al dan nie.

In 'n invloedryke studie deur Ball en Brown (1968:176) is bevind dat die helfte of meer van inligting wat deur 'n maatskappy in die loop van die jaar beskikbaar gestel word, in die verdienste-syfer

opgeneem word. Dit was die gevolg van 'n ondersoek na die verband tussen verdienste en aandeelpryse. Lev (1989) het ondersoek ingestel na studies gedoen oor die verband tussen verdienste en aandele-opbrengste. Hy het bevind dat historiese verdienste tussen 2% en 7% van die aandele-opbrengs verklaar oor die korttermyn. Wat noemenswaardig is, is dat, as die tydhorison verleng word na vyf jaar, die korrelasie tussen aandeelpryse en verdienste verhoog na 35%. Hy verdedig die lae persentasie deur aan te voer dat die verdienste gebruik in die studies te kort skiet in die mate dat dit nie die mees relevante verdienste-aanduider is nie. Youn Cho en Jung (1991:112) sê in hierdie verband dat 'n hoë korrelasie nie verwag behoort te word nie, aangesien verdienste histories van aard is, terwyl aandeelpryse toekomsverwagtinge reflekteer. Lev (1989:154) is van mening dat daar verdere ondersoek ingestel behoort te word na 'n verdienste-aanwyser wat 'n beter aanwysing van aandeelwaarde is.

Ten einde hierdie hipotese te toets, het Lev (1989:162) 'n aanpassing aan die gepubliseerde verdienste gemaak deur die effek van pensioenfondskoste wat eenmalig van aard is, uit te haal. Die inligtingswaarde het toegeneem vanaf 6% na 9%. Daar was dus 'n 50% verbetering gewees in nut van verdienste. Dit is dus 'n sterk argument om aan te voer ten gunste van aanpassings aan verdienste, in plaas daarvan om netto wins net soos gepubliseer, te aanvaar.

Lev (1989) se bevindinge is in teenstelling met Balsam en Lipka (1998) wat gevind het dat verdienste per aandeel tussen 25% en 71% van die beweging van aandeelpryse verduidelik, en Dechow (1994:22) wat verduidelikingswaarde van 16% oor een jaar en 40% oor vier jaar gevind het. Ongeag die uiteenlopende akademiese bevindinge, moet die gebruikers se siening in ag geneem word. Soos William P. Boardman, senior uitvoerende vise-president van Banc One Corp. dit stel:

*"We focus on reported earnings per share because that's what the investment community focuses on" (Coy, 1998:50).*

Een interessante moontlikheid wat moeilik ondersoek kan word, is die sielkunde agter die relevansie van verskillende prestasiemaatstawwe (Dechow, 1994:25). Indien die beleggerspubliek oortuig is dat VPA in sy huidige vorm relevant is tot die beleggingsbesluit, en dat aandeelpryse sal reageer op nuus van veranderinge in verdienste, sal hulle self reageer op grond van die prys. Die gevolg is dat die aandeelprys wel reageer op grond van die nuus oor verdienste. Dit lei dus tot 'n sneeubaleffek in die sin dat, omdat dit in die verlede so 'n uitwerking in die mark gehad het, die verwagting nou ontstaan het dat dit sal voortgaan om so te werk.

### *2.2.3 Foutiewe teller*

In 'n studie gedoen oor die bruikbaarheid van wins uit bedrywighede, netto wins of omvattende inkomste (Cheng, Cheung & Gopalakrishnan, 1993:196) is daar bevind dat van die drie, wins uit bedrywighede die beste aanduider is van opbrengste wat aandeelpryse kan oplewer. Wins uit bedrywighede word gedefinieer as bedryfsinkomste minus bedryfsuitgawes. Uitgesluit by die definisie van wins uit bedrywighede is finansieringskoste en belasting. Netto wins sluit nie-herhalende items in, terwyl omvattende inkomste alle veranderinge in ekwiteit, buiten verdelings aan of beleggings deur aandeelhouers, insluit. Dit sou dus veranderinge in nie-verdeelbare reserwes insluit.

Daar is bevind dat netto wins soos wat tans gebruik word in verdienste per aandeel wel inkrementele inligtingsinhoud het, as dit saam met wins uit bedrywighede gebruik word. Hierdie resultaat is in direkte kontras met wat tans die gebruik is in VPA, aangesien netto wins, eerder as wins uit bedrywighede, in die berekening van VPA gebruik word, terwyl netto wins nie die beste aanduider van prestasie is nie (SAIGR, 1999a:par.11).

Daar bestaan dus 'n moontlikheid dat 'n aangepaste verdienste-syfer 'n beter aanduider van aandele-opbrengste kan wees.

#### 2.2.4 *Wanpersepsie van verbeterde opbrengs*

'n Ander nadeel van VPA is die wanpersepsie wat by aandeelhouders geskep word van 'n klaarblyklike verbetering in resultate, terwyl die opbrengs op aandeelhouerskapitaal geensins verbeter het nie (Mahoney, 1970:16). Dit kan as volg geïllustreer word: Veronderstel 'n maatskappy het aandeelhouerskapitaal van R1 miljoen, 100 000 uitgereikte aandele en verdien 'n 10% opbrengs op kapitaal aangewend. In die eerste jaar word R100 000 wins gemaak, wat omskakel na VPA van R1. 'n Dividend gelykstaande aan 30% van VPA word verklaar. Die beskikbare aandeelhouerskapitaal verhoog dus nou na R1 070 000, waarop weer gemiddeld 10% verdien word (R107 000). Die verhoging in VPA met 7% skep die indruk van 'n verbetering in die prestasie van die maatskappy, terwyl die bestuur inderwaarheid teen dieselfde koers 'n opbrengs gelewer het. Hoewel die voorbeeld eenvoudig is en nie die kompleksiteit van die werklike handelsomgewing kan weerspieël nie, lewer dit tog bewys van die swakheid inherent aan VPA om as maatstaf te dien van bestuur se prestasie.

Daar moet egter in ag geneem word dat dit nooit die bedoeling van VPA, of die inkomstestaat, was om 'n direkte aanduiding te gee van opbrengs op aandeelhouersfondse nie. Skrywers is geneig om verdienste te verwar met opbrengs. Opbrengs is 'n uitvloeisel van berekening gemaak met verdienste, nie verdienste op sigself nie. Die kritiek is dus gegrond op 'n wanpersepsie of wanaanwending van VPA.

#### 2.2.5 *Historiese aard*

'n Ander tekortkoming van VPA is die historiese aard daarvan, en dat dit nie 'n aanduiding gee van die rigting wat die maatskappy in die toekoms gaan inslaan nie (Thomson, 1995:56). Weereens is dit nie kritiek teen VPA *per se* nie, maar eerder teen finansiële rekeningkunde as vakgebied. Dit sal slegs ten volle aangespreek word deur 'n omvattende hersiening van die verslagdoeningsraamwerk. Handhaafbare verdienste is juis 'n maatreël wat sal poog om 'n

historiese blik te gee van wat die toekomsverwagtinge is, deur 'n aanduiding te gee van wat die standhoudende verdienste van die verlede is (White, Sondhi & Fried, 1998:948).

#### 2.2.6 Die effek van die balansstaatbenadering op die berekening van inkomstestaatmaatstawwe

Die belang van verdienste is die feit dat dit, saam met kontantvloei, een van die fundamentele faktore in die bepaling van die waarde van die maatskappy is (Garten, 2001:2). RE 000 (SAIGR, 1990) stel in paragraaf 9 dat van die behoeftes van beleggers inligting is om hulle te help besluit of hulle hul belang in die maatskappy behoort te koop, behou of verkoop. VPA is een sodanige maatstaf wat algemeen gebruik word om hierdie rol te vervul.

Finansiële verslagdoening se rol is om risiko's en onsekerhede te verminder deur relevante inligting aan onder andere beleggers te verskaf (SAIGR, 1994:par.1). Een van die hoofdoelstellings van finansiële verslagdoening is om inligting aan aandeelhouders, finansierders en andere te verskaf om historiese prestasie te evalueer, ten einde verwagtinge van die toekoms te vorm (Arnold, Boyle, Carey, Cooper & Wild, 1991:4). Dit dien as basis vir besluitneming oor die verwantskap met die onderneming. Met ander woorde, gebruikers moet voorspellings kan maak met die inligting verskaf. Die historiese VPA word ook as wegspringplek gebruik om die toekomstige VPA te voorspel, of ten minste 'n aanduiding te kry van wat die moontlikhede is vir die toekoms. RE 000 (SAIGR, 1990:par. 28) stel dat die vermoë om voorspellings te maak, bevorder word deur die wyse waarop inligting aangebied word. Beleggers stel nie net belang in die verlede nie, maar stel ook belang in watter aanduiding die historiese inligting verskaf van die moontlike toekoms-vooruitsigte (IIMR, 1993:par. 10).

In Skotland het *The Institute of Chartered Accountants of Scotland (ICAS)* 'n verslag gepubliseer wat kommentaar lewer oor die balansstaatbenadering wat internasionaal gevolg word in die opstel van rekeningkundige standaarde (ASB urged, 2001). Die balansstaatbenadering is die proses waarvolgens gefokus word op die definiëring van balansstaat-items in die opstel van



rekeningkundige standaard, en die inkomstestaat-effek bloot 'n voortvloei is van hierdie balansstaat-definisies. 'n Aantal punte van belang word gemaak:

- Die navorsers het gevind dat daar nie verwag kan word van analiste en fondsbestuurders om in diepte studies van rekeningkundige standaard te doen nie. Dit versterk die argument om inligting, insluitende verdienste-inligting, so gebruikersvriendelik en verstaanbaar moontlik aan te bied.
- Verdienste is 'n belangrike maatstaf in die waardasie van maatskappye, en behoort volgens die verslag voorrang te geniet bo die definiëring van balansstaat-items. Die doel van hierdie werkstuk is nie om die geldigheid van so 'n stelling empiries of andersins te toets nie, maar wat daaruit voortvloei, is dat verdienste steeds 'n belangrike rol te speel het. Die bepaling van relevante verdienste-syfers behoort dus steeds met omsigtigheid hanteer te word. Die verslag moedig standaardstellers aan om nie bloot verdienste te hanteer as 'n balanserende syfer na die balansstaatsyfers bepaal is nie.
- Die gevolg van die huidige benadering is dat verdienste se betekenis onduidelik geraak het. Dit kan selfs lei tot 'n ontoepaslike syfer in die bepaling van die prysverdienste-verhouding of die bepaling van 'n maatstaf van prestasie. Dit is ook ontoepaslik in die gebruik van 'n ekstrapolasie van toekomstige verdienste.

Die bevindinge van hierdie verslag bied dus 'n sterk beweegrede vir die ondersoek na 'n bruikbare verdienste-syfer, aangesien netto wins, soos gebruik in VPA, moontlik nie aan die behoeftes van gebruikers voldoen nie. Kortliks spruit die tekortkominge uit die feit dat verdienste se betekenis onduidelik geraak het en moontlik nie meer gebruik kan word vir toekomsvoorspellings nie.

## 2.3 ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN VPA

In teenstelling met die oorwegend kritiese kommentaar in afdeling 2.2 gelewer, geniet VPA steeds gewildheid onder beleggers. Hierdie gewildheid word in hierdie afdeling verder toegelig.

### 2.3.1 *Gewildheid*

In 'n studie in 1977 gedoen, is bevind dat 52% van privaat aandeelhouders winste of verdienste as baie belangrik beskou, en 'n verdere 9% die tendens in winste of verdienste. 61% van die respondente in die studie beskou dus verdienste-inligting in een of ander vorm van belang (Lee & Tweedie, 1977:53). In 'n opvolgstudie in 1981 het hierdie skrywers bevind dat 31% van analiste (die hoogste persentasie van alle maatstawwe gebruik) verdienste per aandeel as die nuttigste inligting vind in beleggingsbesluite. 57% van die analiste het verdienste in een of ander vorm as nuttig beskou (Lee & Tweedie, 1981:66). Chugh en Meador (1984:42) het in 1984 bevind dat 76% van die analiste in hul studie die verandering in VPA oor 'n vyf jaar-termyn as belangrik beskou in die waardasie van aandele. Al agt respondente op die vraelys uitgestuur (verwys Bylaag C) het verdienste as belangrik of baie belangrik beskou. In 'n studie deur Govindarajan (1980:386) is bevind dat analiste meer waarde heg aan verdienste as kontantvloei in die voorstelle wat gemaak word aan beleggers. In die studie is gevind dat 86,5% van die aanbevelings gedoen is op grond van verdienste-inligting alleen. Slegs 3% is bloot op grond van kontantvloei gemaak, en in 10,5% van die gevalle is verdienste en kontantvloei-inligting as ewe belangrik geag.

As die standaardstellers suksesvol was in hul poging om die klem te verskuif vanaf verdienste na meer omvattende analyses van finansiële verslagdoening, sou daar verwag word dat die resultate van 'n soortgelyke studie ander bevindinge sou oplewer. Dit is egter nie die geval nie.

In 'n studie gedoen deur PricewaterhouseCoopers in 1997 en 1998, is daar bevind dat verdienste steeds as baie belangrik geag word (Phillips, 2001:41). Maatskappye, analiste en gebruikers is gevra om prestasiemaatstawwe in terme van belangrikheid te beoordeel. Maatskappye het dit

agste geplaas, analiste vyfde en beleggers het dit as die belangrikste maatstaf geplaas. Ten spyte van alle pogings, is verdienste dus steeds baie belangrik vir die gebruikers van finansiële state.

Copeland, Koller en Murrin (2000:73) spreek hulle ook uit teen die beheptheid met VPA, en stel dit duidelik dat daar eerder op kontantvloei gefokus moet word. Hulle redenasie spruit uit die feit dat verdiskonteerde kontantvloei die waarde van 'n aandeel bepaal en nie verdienste nie. Dit word ondersteun deur selfs die mees elementêre handboeke waarin waardasies bespreek word. Alhoewel dit waar mag wees, bly die feit staan dat verdienste per aandeel die maatstaf is wat in die finansiële pers groot gewildheid geniet (Jerris, 1998:11). Dit is slegs met meer diepgaande ondersoeke wat daar moontlik na kontantvloei gekyk word.

Watter maatstaf dus waarde bepaal, raak dus 'n suiwer akademiese punt vir die breë beleggerspubliek. Hulle neem besluite op grond van onder andere VPA. Alhoewel dit moontlik nie die eksklusiewe oorweging is nie, het dit wel 'n groot rol te speel.

### *2.3.2 Kontantvloei versus verdienste*

'n Aangeleentheid wat kortliks aangespreek moet word, is die gebruik van verdienste versus kontantvloei. In die omgewing van waardasies, het kontantvloei-modelle baie veld gewen teenoor verdienste-modelle (sien byvoorbeeld Copeland, Koller & Murrin (2000)). Alhoewel dit moontlik die meer korrekte manier is om 'n waardasie uit te voer, het alle gebruikers nie die kennis van die besigheid om 'n omvattende model op te bou om 'n vooruitskatting van kontantvloei te maak nie (Black, 1980:23). Kontantvloei varieer buitendien so baie dat dit moeilik is om 'n vooruitskatting daarvan te maak.

Daar is ook bevind dat rekeningkundige data op die toevallingsgrondslag voorberei, inkrementele inligting vir gebruikers het so slegs kontantvloei (Bowen, Burgstahler & Daley, 1987:746). Daarmee saam bied huidige verdienste 'n beter aanduiding van toekomstige kontantvloei as wat

huidige kontantvloei doen (Uliana, 2000:20). Daar word dus nie in hierdie werkstuk 'n maatstaf van kontantvloei gesoek nie, maar eerder 'n meer relevante verdienstemaatstaf.

### 2.3.3 Wye beskikbaarheid

Die gewildheid van VPA as prestasiemaatstaf is moontlik deels daaraan toe te skryf dat dit nie gekoppel is aan enige spesifieke industrie nie, maar relevant is vir enige en elke maatskappy (Zeelie, 31 Oktober 2001). 'n Verdere oorweging is die beskikbaarheid daarvan, deurdat dit wyd gepubliseer word in die finansiële media (Jerris, 1998:11). Die Johannesburgse Effektebeurs (JEB) vereis dat wesensverdienste per aandeel in die finansiële state en interim state openbaar word, tesame met 'n rekonsiliasie met verdienste per aandeel (PricewaterhouseCoopers, 2000a:7, 9). Dit word dus opgeneem as statistiek binne die databasisse van die JEB en analiste. Die feit dat die syfer onderhewig is aan 'n oudit, en die ouditeure hul tevredenheid oor die redelikheid daarvan uitgespreek het, dra verder by tot die vertroue wat daarin gestel word (Hogan & Mautz, 1991:49).

## 2.4 ALGEMENE KOMMENTAAR OP WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL

*SIP 1 (IIMR, 1993:par. vii)* stel dit onomwonde dat wesensverdienste nie dieselfde mate van bruikbaarheid het as handhaafbare verdienste nie. Dit is hoofsaaklik hierdie tekortkoming wat die werkstuk poog om aan te spreek, en as sulks word die onderstaande kommentaar grotendeels gelewer met handhaafbaarheid as agtergrond. Daar word egter ook melding gemaak van ander probleme met RE 306.

Paragraaf 10 van RE 306 stel drie vereistes vir die wesensverdienstegetal wat as volg opgesom kan word en wat ook as breë definisie van wesensverdienste dien:

- Dit behoort 'n maatstaf van handelsprestasie te wees, geskei van winste en verliese op kapitaalitems.

- Enige persoon behoort dit te kan bereken op grond van openbaarmakings in die finansiële state.
- Dit behoort nie onderhewig te wees aan teoretiese aansuiwerings nie, en die herhalende of nie-herhalende aard van 'n item behoort nie 'n rol te speel nie.

Hierdie is prysenswaardige ideale, maar dit beperk die Taakgroep se vermoë om 'n werklik bruikbare syfer daar te stel. 'n Kritiese evaluering van die vereistes bring 'n aantal tekortkominge aan die lig.

#### *2.4.1 Kapitaalwinste en -verliese*

Om 'n breë stelling te maak dat kapitaalwinste en –verliese uitgesluit behoort te word van handelsprestasië, skep die moontlikheid dat 'n wanpersepsie by gebruikers gelaat word. 'n Onderneming wat motors verhuur, sal onder hierdie riglyn die winste of verliese met die verkoop van hul gebruikte voertuie kan uitsluit. Dit is egter binne hul normale bedrywighede om verouderde voertuie te vervang. In so 'n geval behoort die kapitale winste of verliese dus wel ingesluit te word. (Verwys afdeling 2.5.3 vir 'n gedetailleerde bespreking.)

#### *2.4.2 Handelsprestasië*

Met inagneming van RE 101 (SAIGR, 1999f) wat in die aanhangsel tot die standpunt in 'n voorbeeld die finansieringskoste skei van handelsprestasië, skep die verwysing na handelsprestasië die indruk dat die verdienste-syfer verwys na handelsaktiwiteite, met die uitsluiting van items wat normaalweg as van beleggings- of finansieringsaard gekwalifiseer kan word. Daarvolgens behoort rente ontvang en betaal en dividende ontvang dus volgens hierdie breë riglyn uitgesluit te word. Paragraaf 11(a) sluit egter spesifiek rente in by wesensverdienste. Daar is dus nie konsekwentheid in die hantering en benaming van handelsprestasië nie. Die *IIMR* het ook aanbeveel dat daar eerder nie verwys behoort te word na die term verdienste nie, aangesien dit kapitaalitems en buitengewone items insluit (*IIMR*, 1993: par. 2). Dit is egter te betwyfel of daar

oortoe wewebeweeeg sal word van die gebruik van die term verdienste, aangesien dit so 'n algemeen aanvaarde term is, en so wyd aanwending vind.

#### 2.4.3 Eenvoudige berekening

Die vereiste van 'n eenvoudige berekeningswyse is 'n geldige een, maar dit laat buite rekening dat alle gebruikers van state nie die rekeningkundige agtergrond het om dit te doen nie. (Verwys afdeling 3.3.3 vir 'n bespreking van beleggers se vermoë om finansiële state te interpreteer.) Beleggers stel belang in een samevattende syfer wat die prestasie weerspieël van die maatskappy waarin belê is (IIMR, 1993:par. 6). Minder ingeligte beleggers is waarskynlik nie begerig om verdere berekeninge te doen as hulle reeds 'n opgesomde syfer soos verdienste per aandeel het wat 'n aanduiding gee van die prestasie van die maatskappy nie. Dit is ook 'n beperkende vereiste in dié sin dat die opstellers van state veel meer inligting tot hul beskikking het en 'n oordeel kan fel oor die in- of uitsluiting van 'n item in 'n alternatiewe prestasiemaatstaf (AICPA, 1994:84). Die bestuur van 'n maatskappy is beter by magte om te besluit of 'n eenmalige transaksie deel van handelsprestasie behoort uit te maak, al dan nie.

#### 2.4.4 Teoretiese aansuiwerings

Die uitsluiting van teoretiese aansuiwerings, dit is items wat gebaseer word op sekere aannames (IIMR, 1993:par.18), is waarskynlik 'n goeie breë riglyn vir so 'n maatstaf, aangesien dit subjektief is, en spesifiek oorgelaat word aan analiste. Om teoretiese aansuiwerings toe te laat, maak die deur oop vir manipulasie, en ook vir 'n mate van toekomsvoorspelling. Een argument wat aangevoer kan word téén teoretiese aansuiwerings, is dat die historiese resultaat van bedrywighede gerapporteer word. Die resultaat van wat werklik gebeur het, word gerapporteer. In die bepaling van 'n maatstaf van handhaafbaarheid, word daar 'n verdere voorbehoud gestel, naamlik dat dit die resultaat is van wat werklik gebeur het, *en wat waarskynlik in die toekoms volgehou sou kon word as omstandighede nie wesentlik verander nie*. So 'n aksie word eerder

gelaat vir die direkteurs- of voorsittersverslag waar daar in breë terme vooruitsigte vir die toekoms geskets kan word (Maatskappywet, 1973:Bylae 4, par. 78).

#### 2.4.5 Wanpersepsie onder gebruikers

In reaksie op 'n vraelys aan opstellers van finansiële state het Hamer (1993:69) bevind dat 65% van die respondente ten gunste van 'n handhaafbare verdienste per aandeel syfer is. Alhoewel sy respons klein was (20 antwoorde op 50 vraelyste uitgestuur), bied dit 'n grondslag vir die ondersoek na só 'n moontlikheid. Daar is omstandigheidsgetuienis wat daarop dui dat analiste handhaafbare verdienste gebruik, byvoorbeeld J P Morgan gebruik langtermyn handhaafbare inkomste om beleggingsbesluite te neem (*Best global*, 1998:18). Daar bestaan ook 'n vermoede dat gebruikers wesensverdiensle beskou as 'n aanduiding van handhaafbaarheid, volgens Everingham en Watson (1999a:2).

*“The introduction of the concept of headline earnings was supposed to give not just analysts, but man-in-the-street investors, a better idea of a company's sustainable earnings. It was a jolly good idea, relieving us of the need to make all sorts of subjective decisions on what adjustments we need to make to published P&L accounts, which – as is well known – can be made to show just about anything the financial director wants. What constitutes an exceptional item? What is a non-recurring item? What's the difference, and does it matter? Headline EPS, we were told, would eliminate such problems and be the yardstick against which to judge results”* (Coulson, 2001:12).

Dit is die inleidende paragraaf van die redakteur van die *Financial Mail* se kolom. Hy verkeer klaarblyklik onder die indruk dat wesensverdiensle per aandeel 'n aanduiding gee van handhaafbaarheid, terwyl RE 306 in paragraaf 9 uitdruklik sê dat dit nie handhaafbaarheid voorstel nie. Vier uit die agt respondente op die vraelys (verwys Bylaag C) het gevoel dat wesensverdiensle minstens 'n aanduiding van handhaafbaarheid bied. Daar bestaan dus 'n

moontlikheid dat gebruikers onder 'n wanpersepsie verkeer oor presies wat wesensverdienste veronderstel is om te verteenwoordig.

## 2.5 KOMMENTAAR OP RE 306 SE VOORSKRIFTE

In paragraaf 11 van RE 306 gee die Taakgroep 'n puntsgewyse omskrywing van wesensverdienste op grond van die *IIMR* se syfer. Kommentaar word vervolgens gelewer op hierdie maatstawwe in die volgorde waarop dit in die mening verskyn. Die kommentaar word gelewer ten einde te illustreer dat wesensverdienste positiewe aspekte het, maar dat dit ook wel 'n aantal tekortkominge het, wat aangespreek kan word deur handhaafbare verdienste addisioneel tot wesensverdienste te openbaar.

### 2.5.1 *Handelswinste en -verliese*

Handelswinste en –verliese, asook tersaaklike handelsitems wat aparte openbaarmaking regverdig, word in paragraaf 11(a) ingesluit in die berekening van wesensverdienste. Condon (1999:168) is een voorstander van 'n ondersoek na die bedryfsinkomste van 'n maatskappy. Hy definieer dit as verkope minus koste van verkope en minus bemarkings- en ander koste. Hy sluit eenmalige winste en verliese uit by die berekening van bedryfsinkomste. Die veralgemening dat tersaaklike handelsitems ingesluit behoort te word, beperk dus moontlik die bruikbaarheid as maatstaf van handhaafbare prestasie, en verdien verdere ondersoek, aangesien daar 'n moontlikheid bestaan dat hierdie tersaaklike items eenmalig van aard is (Zeelie, 31 Oktober 2001).

White, Sondhi en Fried (1998:1058) argumenteer dat eenmalige gebeurtenisse, wat na verwagting nie sal herhaal in die toekoms nie, nie 'n noemenswaardige effek op die waarde van 'n maatskappy het nie. Volgens hulle sal die eenmalige effek nie teen die prysverdiensteveelvoud gekapitaliseer word nie, terwyl die permanente verdienste teen die prysverdiensteveelvoud gekapitaliseer word. Die eenmalige item se effek op die waarde van die maatskappy sal teen die verdiskonteerde inkomstestaat-waarde van die eenmalige item gekapitaliseer word. Dit word verder toegelig deur



die onderstaande voorbeeld. Permanente verdienste word gedefinieer as die deel van verdienstestroom wat sal herhaal in die toekoms.

Dit word as volg geïllustreer, met die volgende gegewens:

$$r = \text{opbrengs} = 10\%$$

$$\text{permanente verdienste} = R5$$

$$PV = 10$$

Aan die begin van periode een word 'n verdienste van R6.10 verwag. Die ekstra R1.10 is as gevolg van 'n eenmalige gebeurtenis. Die verdienste sal daarna terugkeer na R5. Die waarde per aandeel word as volg bepaal (White, Sondhi en Fried, 1998:1058):

$$\text{Verwagte permanente verdienste} \times PV + \text{verdiskonteerde eenmalige verdienste}$$

$$= 5 \times 10 + (6.1 - 5) / 1.1$$

$$= 50 + 1$$

$$= 51$$

Die ekstra R1.10 is dus nie teen die prysverdiensteveelvoud gekapitaliseer nie. Die onderneming het dus nou 'n prysverdiensteverhouding van 8.4 (51/6.1), terwyl verdienste eintlik teen 10 gekapitaliseer is. Met die uitsluiting van die eenmalige wins, sou die prysverdienste-veelvoud 10.2 (51/5) wees, wat 'n nadere weerspieëling van die ware toedrag van sake sou wees.

'n Argument téén die uitsluiting van eenmalige gebeurtenisse, is dat bestuur pogings sal aanwend om 'n negatiewe effek uit te sluit van wins uit bedrywighede, terwyl positiewe gevolge so ver moontlik ingesluit sal word. In 'n studie gedoen deur Rapaccioli en Schiff (1991:55) op 504 verkope van segmente is daar gevind dat dit die algemene neiging was. Hul resultaat was as volg:

	% gevalle waar resultaat as van gewone aktiwiteite geklassifiseer is	% gevalle waar resultaat as nie van gewone aktiwiteite geklassifiseer is nie
Wins	61%	43%
Verlies	39%	57%

Daarenteen is in 'n ander geval gevind dat addisionele VPA-openbaarmakings nie noodwendig gedoen word om 'n verhoogde prestasie-syfer te openbaar nie. Holgate en Roberts (1993:91) het 30 maatskappye arbitrêr geselekteer na die instelling van *FRS3: Reporting Financial Performance*, en het gevind dat maatskappye bloot hul syfers oor verskillende periodes stabiliseer wanneer hulle aanpassings aan verdienste maak. Verder het hulle ook gevind dat daar beide hoër en laer verdienste-syfers in vergelyking met tradisionele verdienste per aandeel gepubliseer word. Holgate en Kirby (1994:143) het 'n jaar later die toets herhaal met 20 maatskappye en tot dieselfde gevolgtrekkings gekom. Die maatskappye het dus nie noodwendig net verbeterde syfers voorgelê nie.

Hier moet daar egter ook melding gemaak word van empiriese bevindinge van Elliott en Hanna (1996) en Maydew (1997) wat bevind het dat eenmalige items geopenbaar in die finansiële state oorwegend verliese is. Uit hierdie bevindinge is dit duidelik dat die uitsluiting van eenmalige items in die meerderheid van die gevalle sal lei tot 'n hoër alternatiewe prestasiemaatstaf, aangesien dit oorwegend 'n verlies-effek is wat uitgesluit word.

Joubert en Viljoen (1986:16) waarsku ook teen die blindelinge uitsluiting van nie-herhalende items by die berekening van alternatiewe prestasiemaatstawwe. Hulle voer aan dat sulke items 'n normale deel van besighede is, en in alle ondernemings voorkom. Die feit dat die positiewe en negatiewe effekte van verskillende agtereenvolgende finansiële jare mekaar uitkanselleer kan moontlik meer betroubare resultate lewer as die algehele uitsluiting van eenmalige items uit die berekening van alternatiewe prestasiemaatstawwe.

RE 306 (par. 11(a)) en SIP (par. 20) gee erkenning daaraan dat die effek van eenmalige items relevant vir besluitneming kan wees deur 'n vereiste te stel dat sodanige effek onmiddellik na die wesensverdienste-syfer bespreek moet word. Die items behoort openbaar te word direk na die openbaarmaking van wesensverdienste per aandeel. In hierdie werkstuk word daar egter voorgestel dat eenmalige items buite rekening gelaat behoort te word in die bepaling van handhaafbare verdienste. Alhoewel daar waarskynlik 'n minderheid van items is wat uitgesluit kan word, behoort 'n mate van oordeel toegelaat te word om sekere items uit te sluit. Verwys ook afdeling 4.3 vir 'n verdere bespreking van hierdie aangeleentheid.

Ter opsomming word dit gestel dat daar wel redes aangevoer kan word oor hoekom eenmalige items nie uitgesluit behoort te word uit die berekening van 'n alternatiewe of addisionele prestasiemaatstaf nie, naamlik dat dit moontlik mag lei tot manipulasie van die verdienste-syfers deur bestuur. Daar is egter bewys gelever dat die uitsluiting van eenmalige items uit die berekening van 'n addisionele prestasiemaatstaf sal lei tot 'n prestasiemaatstaf wat meer bruikbaar is in die bepaling van die waarde van 'n maatskappy. Daar word dus voorgestel dat wesensverdienste se vereiste om tersaaklike items in te sluit by die berekening van wesensverdienste moontlik te eng is, aangesien dit eenmalig van aard mag wees. Vir die doeleindes van die berekening van handhaafbare verdienste behoort tersaaklike items dus uitgesluit te word indien dit eenmalig van aard is.

### *2.5.2 Eindigende bedrywighede*

Winste of verliese voortspuitend uit eindigende bedrywighede word ingesluit by die berekening van wesensverdienste (RE 306, paragraaf 11(b)). Die uitsluiting van die resultate van eindigende bedrywighede by verdienste of wesensverdienste se berekening kan 'n wanindruk skep van die toekomsverwagtinge van die maatskappy se resultate. Die resultate van die eindigende bedrywighede vorm nie deel van die volgende jaar se wins van die maatskappy nie, en behoort dus eerder as 'n weglaatbare item hanteer te word in die berekening van minstens handhaafbare verdienste (Copeland, Koller & Murrin, 2000:164). Die prestasie van die volgende jaar sal nie weer

die eindigende bedrywighede se aktiwiteite insluit nie. Verwys afdeling 4.3.6 vir 'n verdere bespreking van hierdie aangeleentheid.

### *2.5.3 Kapitaalwinste en -verliese*

Kapitaalwinste en –verliese is winste en verliese op bates en laste wat as niebedryfsbates en –laste geklassifiseer word volgens RE 101 (SAIGR, 1999f:par. 58, 61) en word uitgesluit uit die berekening van wesensverdienste (RE 306, paragraaf 11(c)). Die items is onderhewig aan ander volatiliteite as die bedryfsitems, en behoort dus apart geanaliseer te word (Damant, 1993a:97). Soos bespreek in afdeling 2.4.1, is kapitaalwinste en -verliese egter nie noodwendig uitgesluit van die normale aktiwiteite van 'n maatskappy nie. Dit is binne die normale aktiwiteite van 'n maatskappy om ontslae te raak van verouderde bates, en dit te vervang met nuwe items wat beter werkverrigting bied. So sal 'n vervoermaatskappy gereeld sy voertuie vervang, en behoort die winste en verliese by die verkoop van voertuie eerder nie uitgesluit te word uit die berekening van wesensverdienste nie (Everingham & Watson, 1999b:10).

White, Sondhi en Fried (1998:953) stel ook voor dat winste of verliese wat duidelik herhalend van aard is, nie by handhaafbare verdienste uitgesluit behoort te word nie. Die bepaling van RE 306 is dus teenstrydig met die hantering in die beleggersmark, en dit word verder aangespreek in afdeling 4.3.4.

Die wins of verlies met verkoop van 'n besigheid is vir handhaafbare verdienste 'n uitsluitbare item en wel omdat meeste ondernemings nie op 'n gereelde basis besighede verkoop nie (Swanepoel, 8 Augustus 2001).

Ter opsomming word dit gestel dat die berekeningsmetode vir wesensverdienste te kort skiet deur te vereis dat alle winste en verliese op niebedryfsbates en –laste uitgesluit behoort te word uit die berekening van wesensverdienste. Die hantering in die berekening van handhaafbare verdienste word in afdeling 4.3.4 verder toegelig.

#### *2.5.4 Winste en verliese met betrekking tot langtermynskuld*

Winste en verliese voortspuitend uit die herorganisasie of aflossing van langtermynskuld behoort vir die berekening van wesensverdienste uitgesluit te word (RE 306, paragraaf 11(d)). Langtermynskuld is in kort skuld wat waarskynlik nie binne die volgende twaalf maande vereffen sal word nie (SAIGR, 1999f:par. 61).

Sodanige winste en verliese is kapitaal van aard, en behoort nie op 'n gereelde basis plaas te vind nie, en die vereiste is dus geldig. 'n Voorbehoud hiertoe is dat 'n finansiële dienstemaatskappy nie winste of verliese kan uitsluit op kliënte se herorganiserings van langtermynskuld nie. Dit is 'n diens wat hulle lewer, en as sulks deel van die normale bedrywighede van die maatskappy (Swanepoel, 8 Augustus 2001).

In die meeste gevalle is die vereiste van RE 306 dat die wins of verlies met betrekking tot langtermynskuld uitgesluit behoort te word uit die berekening van wesensverdienste 'n geldige een en sal daar weinig uitsonderings daarop wees.

#### *2.5.5 Vorige jaar-aanpassings*

Vorige jaar-aanpassings ten opsigte van veranderinge in rekeningkundige beleid en fundamentele foute beïnvloed nie die huidige jaar se berekening van wesensverdienste nie, met dien verstande dat die historiese syfers aangepas word (Everingham & Watson, 1979:7:24). Dit behoort dus geen effek te hê op die huidige jaar se syfers nie. Ten einde vergelykbaarheid te bevorder, is dit 'n goeie maatstaf.

### 2.5.6 Kapitale voorsienings

Voorsienings vir die onderstaande items word teruggeskryf in die berekening van wesensverdienste om dit in berekening te bring in die jaar waarin dit voorkom (RE 306, paragraaf 11(f)):

- Voorsienings ten opsigte van winste of verliese met die verkoop of beëindiging van 'n bedrywigheid,
- Voorsienings vir die koste van 'n fundamentele herorganisasie of herstrukturering wat 'n wesentlike uitwerking op die aard en fokus van die verslagdoenende entiteit se bedrywigheid het, en
- Voorsienings vir winste en verliese met die verkoop van vaste bates.

In die lig van RE 130: Voorsienings, Voorwaardelike aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates (SAIGR, 1999d) wat handel oor voorsienings en wat uitgereik is ná RE 306 uitgereik is, behoort die vereiste om bogenoemde voorsienings terug te skryf, nie meer te geld nie. As dit volgens Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk soos gedefinieer in RE 130 as uitgawe erken behoort te word, behoort dit deel van netto wins te bly. Dit is dan onderhewig aan dieselfde oorwegings as wat onder afdelings 2.5.1 tot 2.5.4 bespreek is. Drie uit die ag respondente ondersteun nie die hantering volgens RE 306 nie.

Met betrekking tot hierdie vereiste is RE 306 dus verouderd, en behoort daar geen melding gemaak te word van die feit dat items voorsienings is nie. Daar moet eerder gefokus word op die aard van die aangeleentheid wat aanleiding gegee het tot die voorsiening.

### 2.5.7 Klandisiewaarde

Die invloed van klandisiewaarde word geheel en al uitgesluit by die berekening van wesensverdienste (RE 306, paragraaf 11(g)). In die lig van die uitsluiting van alle kapitaalitems, is

so 'n vereiste te verstane indien klandisiewaarde eenmalig afgeskryf word, aangesien dit dan kapitaal van aard is.

Daar is egter probleme met hierdie hantering deur RE 306 voorgeskryf.

Die een probleem met die hantering deur RE 306 voorgeskryf, is dat dit ook ondernemings wat klandisiewaarde amortiseer, die geleentheid bied om sodanige amortisasie uit te sluit uit die berekening van wesensverdienste. In die voorbeeld tot RE 306 word daar juis die amortisasie van klandisiewaarde uitgesluit uit die berekening van wesensverdienste. Dit stem in daardie opsig nie ooreen met die hantering van waardevermindering nie, aangesien waardevermindering ingesluit word by die berekening van wesensverdienste (verwys afdeling 4.4). Verder, in die lig van handhaafbaarheid, is die amortisasie van klandisiewaarde 'n uitgawe wat jaarliks voorkom. Dit sal dus die vergelykbaarheid oor jare beïnvloed.

Een gevolg van die uitsluiting van klandisiewaarde uit wesensverdienste, is dat maatskappye pogings aanwend om die kostes toe te deel aan klandisiewaarde, eerder as ander ontasbare bates wat mag bestaan. Sodoende kan hulle die amortisasie uitsluit uit die berekening van wesensverdienste (Eppel & Levy, 2001:9). Die moontlikheid om die amortisasie van klandisiewaarde uit te sluit uit die berekening van wesensverdienste mag dus lei tot manipulasie van resultate deur bestuur.

As daar egter erkenning gegee word aan die feit dat klandisiewaarde nie soos meeste ander bates is nie, kan daar wel ten gunste van die bepalings van RE 306, naamlik die uitsluiting van die amortisasie van klandisiewaarde, geargumenteer word.

Klandisiewaarde het, buiten vir die feit van ontasbaarheid, 'n ander onderskeidende kenmerk, naamlik dat dit hergenerer word (Beresford, 2001). Alhoewel die historiese, aangekoopte klandisiewaarde mettertyd waarde verloor, word dit vervang met nuwe, intern-gegenereerde klandisiewaarde. In die meeste gevalle sal klandisiewaarde in geheel gesien, dit wil sê

aangekoopte (en erkende) én intern-gegenereerde (wat nie erken word nie) klandisiewaarde, nie onderhewig wees aan waardevermindering nie en behoort dit dus nie geamortiseer te word nie.

Copeland, Koller en Murrin (2000:177) se hantering van die amortisasie van klandisiewaarde ondersteun hierdie standpunt. Hulle bespreek dit uit 'n oogpunt van die opbrengs van geïnvesteerde kapitaal. Dit word vir die doeleindes van die berekening van opbrengs op kapitaal nie afgetrek van netto wins nie, en die totale kosprys van klandisiewaarde word by die totale bates gevoeg. Sodoende word die opbrengs bepaal op al die kapitaal belê deur die maatskappy. Die rede waarom hulle nie die amortisasie aftrek nie, is dat dit, volgens hulle, nie onderhewig is aan 'n vermindering in waarde nie, en dus ook nie vervang word nie. Dit is in teenstelling met ander bates wat oor tyd waarde verloor en uiteindelik vervang moet word. Alhoewel hierdie skrywers se standpunt oor die standhoudenheid van klandisiewaarde nie heeltemal strook met die siening van die standaardstellers in RE 131 (SAIGR, 1999c) nie, is die netto effek vir doeleindes van hierdie argument dieselfde naamlik dat die amortisasie van klandisiewaarde uitgesluit behoort te word uit die berekening van wesensverdienste, soos wat tans die geval is.

Menige gebruikers van finansiële state is ook van mening dat die amortisasie van klandisiewaarde nie werklik 'n invloed op handelsprestasie het nie, omdat dit slegs 'n boekinskrywing is en geen invloed op kontantvloei het nie (Stern, 1988:7). Die amortisasie van klandisiewaarde verteenwoordig nie uit die leek se oogpunt 'n uitgawe nie, omdat daar nie volgens hulle 'n afname in hulpbronne is nie. Dit stem ooreen met die hantering deur en argumente van banke in Amerika. Hulle hantering is om kontantverdienste te openbaar, wat amortisasie van klandisiewaarde uitsluit uit die berekening van kontantverdienste (Elstein, 1997:22). Dit is 'n hantering wat eksplisiet deur die Amerikaanse rekeningkundige liggaam *Financial Accounting Standard Board (FASB)* toegelaat word vanaf 1 Januarie 2001 (MacDonald, 1999:A8).

Daar kan dus 'n saak uitgemaak word dat klandisiewaarde steeds geen invloed op wesensverdienste en ook handhaafbare verdienste behoort te hê nie.



Die hele vraagstuk rondom die in- of uitsluiting van die amortisasie van klandisiewaarde mag moontlik in die toekoms 'n irrelevante punt raak, as die roete wat in Amerika ingeslaan is, gevolg word. Amortisasie van klandisiewaarde, insluitend dié wat reeds op die balansstaat is, sal op 1 Januarie 2002 tot 'n einde kom in Amerika. Daarna sal daar slegs waardedalingstoetse gedoen word (*FASB Finalizes*, 2001).

Dit gee aanleiding tot die volgende kwessie, naamlik of 'n waardedaling van klandisiewaarde uitgesluit moet word van handhaafbare verdienste. In die meeste gevalle sal dit soos met enige ander waardedalingskoste uitgesluit word, aangesien dit toeskryfbaar is aan 'n verandering in omstandighede in die verlede. Dit sal hopelik nie 'n herhalende item wees nie, aangesien dit op swak besigheidsbesluite deur die direksie sal dui (Ferreira, 13 Augustus 2001). Dit sou impliseer dat daar op gereelde basis swak beleggings gemaak word, of dat daar betaal word vir 'n bate wat nie bestaan nie.

Ter opsomming word daar dus gestel dat daar geldige argumente is vir die uitsluiting van die amortisasie van klandisiewaarde uit die berekening van wesensverdiensle, naamlik dat dit nie kontantvloei verteenwoordig nie en dat dit die amortisasie is van 'n hulpbron wat hergenereer. Daar is egter moontlike tekortkominge in hierdie hantering as daar in ag geneem word dat die amortisasie 'n jaarlikse koste is, wat telkens sal herhaal en dat daar moontlik pogings aangewend word deur bestuur om kostes toe te wys aan klandisiewaarde, eerder as ander ontasbare bates.

#### *2.5.8 Pensioenfondskoste*

Die insluiting van pensioenfondskoste en ander na-aftrede voordele-koste (RE 306, paragraaf 11(h)) kan nie gefouteer word nie, aangesien dit 'n jaarlikse koste van besigheid is, en waarskynlik in die toekoms sal herhaal.

### *2.5.9 Buitelandse valuta*

Items wat onderhewig is aan buitelandse valutaskommeling se hantering behoort dieselfde te wees as enige ander item (RE 306, paragraaf 11(i)). Daar moet dus vir die berekening van wesensverdienste steeds bepaal word of dit kapitaal van aard is, of nie. Dit is dus steeds onderhewig aan die oorwegings van afdeling 2.5.3 wat handel oor kapitaalwinste en –verliese.

### *2.5.10 Aanpassings aan belasting*

Belasting vir die doeleindes van wesensverdienste behoort aangepas te word om erkenning te gee dat sekere items uitgesluit word (RE 306, paragraaf 11(j)). Die stem ooreen met die hantering in finansiële bestuur vir die berekening van handhaafbare verdienste (Copeland, Koller & Murrin, 2000:164).

Buiten vir bogenoemde aansuiwerings, behoort die belastinguitgawe hanteer te word soos in die inkomstestaat (RE 306, paragraaf 11(k)). As in ag geneem word dat handhaafbare verdienste steeds 'n historiese syfer is, is die vereiste vir doeleindes van die berekening van handhaafbare verdienste geldig. Verwys ook na afdeling 4.7 vir 'n meer breedvoerige bespreking van die situasie rondom die belastinguitgawe binne handhaafbare verdienste.

Die hantering van belasting in die berekening van wesensverdienste kan dus nie gefouteer word nie.

### *2.5.11 Buitengewone items*

Buitengewone items soos omskryf in RE 103 word uitgesluit (RE 306, paragraaf 11(l)). Die aard van hierdie item is so ver verwyderd van die normale aktiwiteite van meeste maatskappye dat dit nie redelikerwys ingesluit kan word nie. Dit is immers die verandering in hierdie items se definisie

wat die verskaffing van 'n wesensverdiensle genoodsaak het. Verwys ook na afdeling 4.2 vir die definisie en bespreking van buitengewone items.

## 2.6 SAMEVATTING

Verdiensle per aandeel is 'n gewilde prestasiemaatstaf om te rapporteer in die finansiële media. Daar word egter verskeie punte van kritiek gelewer teen hierdie maatstaf, byvoorbeeld dat dit 'n opsommende maatstaf is wat nie die volle prestasie van die maatskappy kan weergee nie, en dat daar nie noodwendig 'n duidelike verband tussen VPA en aandele-opbrengste is nie. Skrywers is ook van mening dat VPA te kort skiet as aanduider van die opbrengs verdien op geïnvesteerde kapitaal en dat 'n foutiewe teller gebruik word in die berekening van VPA.

Alhoewel dit geldige kritiek is, is daar telkens verwee wat geopper kan word. Hoofsaaklik handel hierdie teenargumente oor die gewildheid wat VPA geniet onder gebruikers van finansiële state. VPA vind sterk aanwending in die neem van beleggingsbesluite, en as gevolg van hierdie algemene gebruik behoort die berekening van verdiensle deeglik ondersoek te word.

Wesensverdiensle, 'n prestasiemaatstaf wat kortliks omskryf kan word as 'n maatstaf van handelsprestasie geskei van winste en verliese op kapitaalitems, is gedefinieer om aan die behoeftes van gebruikers te voldoen. RE 306 gee omvattende riglyne vir die berekening van wesensverdiensle.

Daar word egter duidelik gestel dat wesensverdiensle nie 'n maatstaf van handhaafbaarheid bied nie. In hoofstuk drie word daar argumente aangevoer ten gunste van handhaafbare verdiensle, en daar word teen hierdie agtergrond 'n puntsgewyse bespreking gedoen van die bepalings van RE 306. 'n Aantal punte van kritiek word ook gemaak teen die bepalings vir die berekening van wesensverdiensle.

Die gevolgtrekking wat uit hierdie bespreking gemaak word, is dat die uitsluiting van alle kapitaalitems te wyd is, en dat slegs eenmalige kapitaalitems se finansiële effek verwyder behoort te word. Daar word ook geargumenteer dat die eenmalige aard van items 'n rol behoort te speel in die besluit of dit verwyder behoort te word van handhaafbare verdienste. Alhoewel daar argumente aan te voer is waarom die amortisasie van klandisiewaarde uitgesluit behoort te word vir die berekening van handhaafbare en wesensverdienste, word daar tot die gevolgtrekking gekom dat die hantering volgens RE 306, naamlik die uitsluiting van die amortisasie van klandisiewaarde, nie noodwendig 'n geldige bepaling in die berekening van handhaafbare of wesensverdienste is nie. Daar word ook geargumenteer dat die resultaat van eindigende bedrywighede uitgesluit behoort te word uit die berekening van handhaafbare verdienste.

Ter samevatting word dit gestel dat beide verdienste en wesensverdienste sekere tekortkominge het, maar dat daar wel positiewe eienskappe ook is. Deur 'n derde prestasiemaatstaf te definieer, kan van hierdie tekortkominge aangespreek word.

## **HOOFSTUK 3 : ARGUMENTE VIR DIE OPENBAARMAKING EN STANDAARDSTELLING VAN HANDHAAFBARE VERDIENSTE**

### **3.1 INLEIDING**

Hamer (1993:12) het gevind dat analiste van finansiële state die openbaarmaking van VPA as van uiterste belang beskou, ten spyte van die vatbaarheid daarvan vir kreatiewe rekeningkunde. RE104 lewer feitlik geen kommentaar op die berekening van die verdienste-syfer wat gebruik moet word in die berekening van VPA nie, behalwe om voor te skryf dat dit netto wins na belasting minus voorkeurdividende is (SAIGR, 1999a:par. 12). Dit gee moontlik aanleiding tot 'n VPA-syfer wat nie voldoen aan die behoeftes van gebruikers nie.

In hoofstuk twee is 'n aantal tekortkominge van verdienste en wesensverdiensie per aandeel uitgelig, tesame met hule positiewe aspekte. Beide verdienste en wesensverdiensie is nuttige maatstawwe, maar daar word in hierdie hoofstuk 'n aantal argumente aangevoer ten gunste van die openbaarmaking van 'n addisionele prestasiemaatstaf. Hierdie maatstaf kan van die tekortkominge soos bespreek in hoofstuk twee aanspreek, en as aanvulling dien vir verdienste en wesensverdiensie per aandeel. Redes vir 'n addisionele prestasiemaatstaf, hoofsaaklik aan die hand van die behoeftes van gebruikers, tesame met redes vir die standaardstelling daarvan, word aangevoer.

### **3.2 DOELSTELLINGS EN DEFINISIE VAN HANDHAAFBARE VERDIENSTE**

Die oogmerk met handhaafbare verdienste is om 'n syfer daar te stel wat 'n rigtingwyser is van wat toekomstige verdienste waarskynlik gaan wees, en om 'n gemiddelde historiese groeikoers te kan bepaal wat redelikerwys sal herhaal (Miller, 1990:131). Die *IIMR* (1993:par. vi) verwoord dit as volg:

*“(T)he analysis of the past is carried out only as the basis for assessing the future.”*

White, Sondhi en Fried (1998:948) stel dit as volg:

*“The objective is to obtain a measure of operating results that better represents the earning power of the firm. The concept of earning power represents the (permanent) net income of the firm, ignoring temporary, nonrecurring or unusual factors. ... Earning power (expected earnings) rather than reported income should be the input in valuation models. ... The objective is to estimate the earning power of the firm by removing nonrecurring factors.”*

In 'n studie deur die *American Institute of Certified Public Accountants* getitel *Meeting the financial reporting needs of the future*, uitgereik in November 1993 (soos aangehaal in SAIGR, 1994:par. 12), is daar verwys na *core earnings*, en word dit as volg verwoord:

*“Users want information about the portion of a company’s reported earnings that is stable or recurring and that provides a basis for estimating sustainable earnings.”*

Bogenoemde verwysings kan opgesom word deur te stel dat die doelstelling van handhaafbare verdienste is om 'n aanduiding te gee van die kernverdiensle van 'n maatskappy, geskei van die effek van eenmalige items wat na verwagting nie die resultate in toekomstige jare sal beïnvloed nie (AICPA, 1994:82). Dit is ook die definisie wat gekoppel word aan handhaafbare verdienste vir doeleindes van hierdie werkstuk.

### **3.3 ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN 'N ADDISIONELE PRESTASIEMAATSTAF**

Destyds het die *Institute of Investment Management and Research* redes binne die standpunt gegee waarom handhaafbare verdienste nie voorgeskryf word nie (IIMR, 1993:par. 9-16). Hier

word daar nou redes aangebied waarom só 'n syfer wel geopenbaar behoort te word, en daarmee saam ook redes waarom dit wel nodig is om dit saam te vat in 'n standpunt, riglyn of mening.

### 3.3.1 Prysverdiensteverhoudings

Gebruikers verlang 'n maatstaf waarmee hulle maatskappye met mekaar kan vergelyk, asook die maatskappye se prestasie oor tyd (*The medium*, 1994:11). Omdat VPA afhanklik is van die aantal aandele wat elke maatskappy uitgereik het, word die prysverdiensteverhouding (PV) bereken om 'n ratio te verkry waarmee verskillende maatskappye met mekaar vergelyk kan word (DeBerg & Murdoch, 1994:261). Die verdienste per aandeel word gedeel deur die markprys per aandeel op 'n gegewe oomblik om die PV te verkry. Die doel van hierdie werkstuk is nie om die geldigheid van die prysverdiensteverhouding-metode van waardasie (ook bekend as die verdienste-vermenigvuldiger model) te ondersoek nie. Daar word gevolglik slegs 'n kort bespreking gegee van wat dit behels.

Die denkrigting agter hierdie model is om te bepaal hoeveel rand beleggers bereid is om te betaal vir een rand se verdienste (Reilly & Brown, 1997:445). As 'n belegger dus R10 sal betaal vir een rand verdienste, word 'n aandeel met 'n verdienste per aandeel van R1.50 waardeer teen R15. Historiese prysverdiensteverhoudings word tradisioneel in die pers gepubliseer, en word soos volg bereken:

$$PV = \frac{\text{huidige markprys per aandeel}}{\text{mees onlangse VPA}}$$

Beleggers kan dan besluit of die aandeel onder- of oorwaardeer is in die lig van hul verwagtinge vir die maatskappy. Maatskappye met hoë groeiverwagtinge het 'n hoë PV, en maatskappye met 'n lae groeiverwagting het normaalweg 'n lae PV (Gibson, 1995:438). Dit stel analiste in staat om in een oogopslag maatskappye met mekaar te vergelyk (*The medium*, 1994:11). 'n Ander gewilde

manier om te dink oor hierdie verhouding, is dat dit aandui hoeveel jaar die maatskappy die huidige verdienste moet maak, om die huidige markprys te verdien (Du Plessis, 1990:153).

Omdat die markprys ekstern vasgestel word, en nie gemanipuleer word deur berekeninge nie, is dit die verdienste wat vergelykbaarheid tussen maatskappye bewerkstellig (Oh'Ogartaigh, 1994:20). Black (1980:23) gaan selfs so ver om te stel dat as die werklike PV uit lyn is met die verwagte PV, dan is die verdienste verkeerd. Dit is in ooreenstemming met Beaver en Morse (1978:74) se bevindinge van 'n studie in 1978. Hulle gevolgtrekking was dat buitengewoon hoë en lae PV's veroorsaak word deur tydelike elemente in verdienste wat nie in die prys weerspieël is nie.

Die *Institute of Investment Management and Research (IIMR)* stel dat handhaafbare verdienste die mees relevante syfer is om te gebruik in die PV, maar kwalifiseer dit onmiddellik deur die probleme om 'n gestandaardiseerde handhaafbare verdienste te bereken, op te haal (IIMR, 1993:par. 31). Die *Financial Times* in Engeland, as voorbeeld, publiseer die prysverdiensverhouding op grond van wesensverdiens (McKenzie, 1998:246).

Handhaafbare verdienste sal dus 'n meerderwaardige maatstaf wees om te gebruik in prysverdiensverhoudings.

### 3.3.2 Oordeel

Die hoofsaaklike rede hoekom die *IIMR* nie handhaafbare verdienste gestandaardiseer het nie, was die groot mate van oordeel wat daarby betrokke sal wees (IIMR, 1993:par. vi). Die inherente kompleksiteit van 'n maatskappy en die onsekerhede wat handeldryf omring, maak dit egter feitlik onmoontlik om een stel state op te stel wat alle gebruikers as korrek sal aanvaar (SAIGR, 1994:par. 15). In 'n konsultasiepapier *Aggressive earnings management* uitgereik deur *The Auditing Practice Board* in Engeland word daar eksplisiet gestel dat dit onrealisties is om te verwag dat rekeningkundige standaarde die noodsaaklikheid van oordeel kan elimineer in die opstel van



finansiële state. Dit is 'n noodsaaklike deel van die proses, en ouditeure moet hulself tevrede stel dat die oordeel redelik toegepas word, en waar nodig, voldoende openbaar word (*The Auditing Practice Board*, 2001:5).

In Engeland het die *Accounting Standards Board (ASB)* 'n besprekingsdokument uitgereik oor die hantering van finansiële instrumente. Die hoofpunt van kritiek teen die dokument is die groot mate van oordeel wat nodig is in sommige gevalle. Die *ASB* het egter laat blyk dat ten spyte daarvan, hulle verwag om voort te gaan met die implementering van die voorstelle (Ebling, 2001:90). Volgens die *ASB* mag die moontlikheid van subjektiwiteit of oordeel dus nie as verskoning aangevoer word teen hul voorstelle nie.

Daar is verskeie gevalle waar oordeel reeds aan die dag gelê moet word in die opstel van finansiële state, byvoorbeeld slegte skuld, voorsiening vir stadig-bewegende voorraad en waardevermindering (Singleton-Green, 1992:23). Om rigiede riglyne vas te stel waarvolgens alle maatskappye items soos hierdie moet hanteer, byvoorbeeld deur te vereis dat skuld ouer as drie maande voorsien moet word, sou natuurlik belaglik wees. Voorskrifte wat te gedetailleerd is, kan lei tot standaard-vermyding, soos wat die geval is met belastingvermyding (Tweedie & Whittington, 1990:97). Terwyl dit nie maklik is om finansiële state eenvoudig te hou nie, is dit wel veronderstel om die lesers daarvan te help (McMonnies, 1988:39).

Oordeel is 'n integrale deel van meeste finansiële state, al is dit op die elementêre vlak van die vasstelling van die lewensduur van 'n bate. As sulks kan subjektiwiteit of die gebruik van oordeel nie geregverdig word as verskoning waarom handhaafbare verdienste nie aangebied kan word nie.

### *3.3.3 Beperkte kennis of toegang tot bronne*

Om die verskoning aan te voer dat gebruikers self die berekeninge moet doen om 'n handhaafbare verdienste syfer daar te stel (*IIMR*, 1993:par. 12), plaas 'n onregverdige las op die oningeligte gebruiker wat nie al die tyd en hulpbronne vir detail navorsing het nie (Garten, 2001:5). Die

taakmag gelei deur Garten het bevind dat sommige gebruikers glad nie die agtergrondkennis het om die nodige berekeninge te doen om analyses van die finansiële state te doen nie. Die beleggers het ook nie toegang tot die inligtingsbronne wat professionele analiste het nie, byvoorbeeld direkte kontak met die bestuur van 'n maatskappy. Dit is juis hierdie privaat beleggers wat hul al hoe meer direk tot die aandelemark wend (Garten, 2001:19). Standaardstellers gee self toe dat die finansiële state nou so lank en kompleks geraak het dat dit nie meer toeganklik is vir privaat aandeelhouders nie (PricewaterhouseCoopers, 2000b). Dit was juis die kompleksiteit van finansiële state wat die beweegrede gebied het vir die besprekingsdokument deur die *Accounting Standards Board* uitgereik, *Year-end financial reports: improving communication*.

Reeds in 1977 het Lee en Tweedie (1977) empiries bewys dat gebruikers se kennis gebrekkig is om die finansiële state te beoordeel (sien byvoorbeeld bladsy 41 van hul boek waar die verskillende kennisvlakke bespreek word). Rickey (1969:10) noem dat statistieke aandui dat 40% van aandeelhouders in Amerika geensins 'n finansiële staat verstaan nie. Squiers (1989:219) noem dat 'n studie in die middel 1970's gevind het dat 40% van aandeelhouders vyf minute of minder spandeer in die ondersoek van die jaarverslag.

Al die inligting wat in die bepaling van 'n addisionele prestasiemaatstaf gebruik word, mag moontlik beskikbaar wees in die finansiële state en verwante openbaarmakings. Dit vereis egter dat gebruikers 'n versigtige ondersoek moet doen van die state, aantekeninge en ander bestuurskommentaar om vreemde items te identifiseer (Comiskey, Mulford & Choi, 1995:11). 35% van die beste analiste in Amerika vind dit egter moeilik om die aantekeninge tot die finansiële state te verstaan (Epstein & Palepu, 1999:51). Dit plaas die vermoë van gebruikers om die nodige versigtige ondersoek te doen, onder verdenking.

Daar bestaan dus 'n vermoede dat gebruikers nie die kennis of tyd het om gedetailleerde berekeninge met finansiële inligting te maak nie. Soos uit hoofstuk vier sal blyk, sal die openbaarmaking van handhaafbare verdienste op 'n bondige wyse inligting verskaf aan gebruikers wat nie verdere berekeninge vir analise noodsaak nie.

### 3.3.4 Tydige inligting

Dreyer (20 Augustus 2001) noem dat buiten dat al die nodige inligting nie in finansiële state verskyn nie, die inligting nie tydig beskikbaar is nie. Die finansiële state word beskikbaar nadat die resultate reeds in die finansiële pers gepubliseer is. Die aanvanklike vrystelling van die resultate is gewoonlik op 'n verkorte basis, en al die openbaarmaking verskyn nie daarin nie. Beleggingsbesluite word gemaak wanneer hierdie verkorte resultate aanvanklik in die pers beskikbaar word. Indien handhaafbare verdienste, tesame met die rekonsiliasie en verdere openbaarmakings, as deel van hierdie resultate gepubliseer word, sal tydige inligting beskikbaar wees om besluite op te baseer. Hoewel dit nie 'n argument vir die berekening van handhaafbare verdienste *per se* is nie, kan dit wel aangevoer word as argument vir die openbaarmaking van 'n addisionele prestasiemaatstaf.

### 3.3.5 Reg tot inligting

Daar moet in ag geneem word dat die beleggers die eienaars van die maatskappy is. Hulle het dus 'n reg tot omvattende inligting (Dreyer, 20 Augustus 2001). Hulle soek 'n maatstaf om te bepaal of 'n goeie belegging gemaak is, en dit is juis een van die gebruike van VPA. Dit gee 'n aanduiding vir 'n belegger van wat die opbrengs is wat die maatskappy bewerkstellig het met sy geld. Weereens is dit nie 'n argument ten gunste van die openbaarmaking van spesifiek handhaafbare verdienste nie, maar hierdie argument kan aangevoer word in reaksie op teenkanting teen die openbaarmaking van handhaafbare verdienste.

In die voorwoord tot die boek *The private shareholder and the corporate report* lewer Lee en Tweedie (1977) die volgende kommentaar:

*“... the need to report relevant financial information to private shareholders in such a form that it can be both used and understood by them. The present system, as our evidence*

*shows, is at fault in this respect, and something must be done to improve the situation. If it is not then the needs of many thousands of individual investors will be ignored. It is wrong in our opinion to concentrate, as so many writers do, on the so-called sophisticated investor and assume that if he is catered for that is all that really matters. We would point out that to the individual private shareholder an investment of £500 may be as important to him as an investment of £500 000 is to an institutional investor. Both deserve appropriate information to monitor and decide upon their investments..."*

### 3.3.6 Betroubaarheid

Die inligting om 'n alternatiewe prestasiemaatstaf te bereken, mag beskikbaar wees binne die finansiële state en verwante inligtingsbronne, maar dit is 'n tydintensiewe oefening (Ferreira, 13 Augustus 2001). Daarenteen sal dit meer betroubaar en goedkoper wees as die verslagdoenende entiteit die berekening self doen, en omvattende openbaarmaking bied rondom die berekening van handhaafbare verdienste, eerder as wat 'n groot aantal gebruikers die proses dupliseer (Chia, Czernkowski & Loftus, 1997:126). Die personeel van die maatskappy en ouditeure sal in 'n beter posisie wees om alle relevante feite in ag te neem (AICPA, 1994:105). Die openbaarmaking van so 'n syfer in die finansiële state sal beteken dat die inligting van die primêre bron (die maatskappy) afkomstig is, en onderhewig is aan 'n oudit (Miller, 2001:53). Dit sal die betroubaarheid van die openbaarmaking van handhaafbare verdienste verhoog.

### 3.3.7 Dividendbetalingsvermoë

Een van die voordele wat spruit uit die berekening van handhaafbare verdienste, is dat dit 'n beter maatstaf bied van die bedrag beskikbaar vir die betaling van dividende (Shiller, 1989:153). In 'n Studie deur Lintner (1956) is bevind dat een van die oorwegings in die bepaling van dividende die standvastigheid van verdienste is. Dividende is slegs verander as daar 'n langtermyn en standhoudende verandering in verdienste plaasgevind het, en die dividende is slegs aangepas as bestuur van mening was dat hulle die dividende kan volhou. In 'n studie gedoen oor onder watter

omstandighede dividende verlaag word, is daar gevind dat netto wins, met die uitsluiting van ongewone inkomstestaat-items, die beste aanduider gee van sulke omstandighede waarin dividende verander is (DeAngelo, DeAngelo & Skinner, 1992:1839). As daar dus 'n aanduiding van handhaafbare verdienste beskikbaar is, kan dit moontlik 'n goeie aanduiding bied van die ware dividenduitbetalingsverhouding wat maatskappye nastreef.

### 3.3.8 *Verdere argumente*

Die berekening van ten volle verwaterde verdienste per aandeel is 'n ander item wat gewig agter die argument ten gunste van die standaardisering van handhaafbare verdienste sit, en wel op twee gebiede (Zeelie, 31 Oktober 2001):

- Dit is ook 'n hipotetiese historiese uitbeelding van wat verdienste sou wees onder sekere aannames;
- Dit sou ook binne die magte van gebruikers van finansiële state wees om dit te bereken, met die nodige openbaarmaking van relevante inligting.

Die berekening van ten volle verwaterde VPA is egter opgevat in verskeie internasionale rekeningkundige standaarde, ten spyte van bogenoemde twee besware wat geopper sou kon word teen die openbaarmaking van ten volle verwaterde syfers. Dieselfde teenkanting sou teen handhaafbare verdienste gelewer kon word, maar die openbaarmaking van verwaterde verdienste is 'n handige teenargument.

### 3.3.9 *Onsekere berekeningsmetode*

Een van die redes wat aangevoer word waarom handhaafbare verdienste nie aangebied word nie, is dat daar nie internasionaal eenstemmigheid is vir die metode waarop dit bereken moet word nie (Bisgay, 1993:68). Daar is 'n aantal kommentare wat hierop gelewer kan word. Eerstens het

dieselfde situasie ten opsigte van VPA nie die standaardstellers verhoed om die verskille tussen Amerikaanse en internasionale standpunte te harmoniseer nie. Daar is konsensus bereik oor 'n standaard berekeningsmetode (Knorr, 1997:67). Tweedens was dit nog nooit 'n probleem vir die standaardstellers as daar nie 'n standaardmetode was om iets te doen, om self die metode daar te stel nie, byvoorbeeld die hantering van finansiële instrumente in RE 133 (SAIGR, 1999g). Derdens kan Hamer (1993:68) se stelling oor teenkating wat geheers het teen die standaardstelling van wesensverdienste hier aangehaal word:

*“...it can be argued that the accounting profession is conveniently avoiding its responsibility to report relevant and reliable financial performance information by not specifying the basis for calculating such a headline earnings figure.”*

Dieselfde argument kan aangevoer word in reaksie op teenkating om ten minste riglyne te gee vir handhaafbare verdienste.

### **3.4 REDE VIR STANDAARDSTELLING**

Ter samevatting van die argumente aangevoer vir die standaardstelling van handhaafbare verdienste, word die rol wat rekeningkundige standaarde speel, kortliks hier genoem. Die noodsaaklikheid van standaarde is aangespreek in die *AICPA* se studie *Improving business reporting – a customer focus* (*AICPA*, 1994:3). Die redes wat hulle aanvoer, is as volg:

- Dit bevorder 'n algemene verstandhouding oor terme en alternatiewe wat onderhandelinge oor besigheidstransaksies vergemaklik.
- Dit bevorder neutrale en onbevooroordeelde verslagdoening.
- Dit bevorder die vergelykbaarheid van inligting tussen maatskappye.

- Dit laat die ouditering van syfers toe.
- Dit fasiliteer die maklike onttrekking van data deur dit volgens 'n standaard raamwerk te orden.

Indien handhaafbare verdienste dus in 'n mening van die SAIGR saamgevat word, sal dit ook onder andere hierdie voordele tot gevolg hê.

Die *AICPA* (1994:82) het ook oorweging geskenk aan of kernverdienste, die alternatiewe prestasiemaatstaf deur hulle voorgestel as deel van die finansiële state of elders geopenbaar moet word. Daar word deur die *AICPA* besluit dat dit deel van die finansiële state behoort te wees, om die volgende redes:

- Finansiële state gee data weer in 'n formaat wat die besigheid van die maatskappy en risiko's wat die besigheid affekteer, duidelik maak. Die onderskeid tussen kern- en nie-kern-bedrywighede fasiliteer hierdie oogmerk, en is nodig om potensieel misleidende indrukke oor die maatskappy se risiko's te vermy.
- Baie maatskappye sal slegs verslag doen oor, en baie gebruikers sal slegs toegang hê tot, die finansiële state. Die state moet dus so gebruikersvriendelik moontlik wees om behulpsaam te wees met analises.

Deur te vereis dat handhaafbare verdienste in 'n standpunt saamgevat word en dat dit in die finansiële state geopenbaar word, kan dus bogenoemde voordele vir die gebruikers van finansiële state bewerkstellig.

### 3.5 SAMEVATTING

Handhaafbare verdienste is 'n maatstaf wat ten doel het om die kernverdiensle van 'n maatskappy weer te gee, geskei van die effek van eenmalige items wat na verwagting nie die resultate in toekomstige jare sal beïnvloed nie. Verskeie argumente kan aangevoer word ten gunste van die openbaarmaking van handhaafbare verdienste.

Handhaafbare verdienste sal 'n meerderwaardige verdienste-syfer wees om te gebruik in die berekening van die prysverdiensle-Verhouding, aangesien dit die vergelykbaarheid oor tyd sal verhoog. Gebruikers van finansiële inligting het nie noodwendig die kennis om die nodige berekeninge met die inligting tot hul beskikking te doen om verdere sinvolle afleidings te maak nie. Die openbaarmaking van 'n gestandaardiseerde syfer sal die inligting op 'n bondige wyse vir hulle bied. Die vrystelling van handhaafbare verdienste tesame met die aanvanklike bekendmaking van die finansiële resultate in die pers, sal inligting tydigter aan beleggers deurgee, aangesien die volledige finansiële state met al die openbaarmaking eers later beskikbaar gestel word. Daar word aangevoer dat beleggers die reg tot inligting soos handhaafbare verdienste het, aangesien hulle geld in die maatskappy belê het, en dat die berekening van handhaafbare verdienste deur die maatskappy self tot 'n meer betroubare syfer sal lei as wanneer die proses deur elke gebruiker gedupliseer word. Handhaafbare verdienste mag moontlik ook 'n beter aanduiding van die dividendbetalingsvermoë van die maatskappy wees as normale VPA, aangesien die effek van eenmalige items verwyder is.

Daar is argumente wat aangevoer kan word téén die standaardstelling en openbaarmaking van handhaafbare verdienste, maar daar is telkens goeie redes hoekom hierdie prestasiemaatstaf ten spyte van die teenkating wel openbaar behoort te word. Daar kan aangevoer word dat die onsekere en subjektiewe berekeningsmetode mag lei tot onbetroubare syfers, maar deur verdere studies na die berekeningsmetode mag die onsekerheid uit die weg geruim word, en deur omvattende openbaarmaking kan die inherente subjektiwiteit aangespreek word.



Daar kan ook 'n saak uitgemaak word dat die berekening van handhaafbare verdienste in 'n standpunt of mening van 'n rekeningkundige liggaam opgeneem behoort te word, omdat dit verwesenliking sal gee aan voordele soos byvoorbeeld verstaanbaarheid, vergelykbaarheid en objektiwiteit.

Daar is dus geldige argumente om te voer teen die berekening en openbaarmaking van handhaafbare verdienste, maar daar is ook geldige argumente aan te voer oor hoekom dit wel in die finansiële state gepubliseer behoort te word. In die volgende hoofstuk sal 'n aantal voorstelle gemaak word vir die berekening van handhaafbare verdienste, asook die openbaarmaking daarvan.

## HOOFSTUK 4 : DIE HANTERING VAN ITEMS BINNE 'N RAAMWERK VAN HANDHAAFBAARHEID

### 4.1 INLEIDING

Met die voorgaande hoofstukke as agtergrond, naamlik die kritiese kommentaar op die huidige prestasiemaatstawwe en die argumente ten gunste van handhaafbare verdienste, word daar enkele voorstelle gemaak ter verbetering van die *status quo*. Die doel van die voorstelle is nie noodwendig om die definisie van verdienste of wesensverdiensle te verander nie, maar eerder om die moontlikheid van 'n addisionele prestasiemaatstaf te opper.

Baie van die voorstelle spruit uit die hantering binne RE 306, maar daar word voorgestel dat die addisionele prestasiemaatstaf nie aangebied word in plek van wesensverdiensle nie, maar eerder saam met wesensverdiensle. Die rede hiervoor is juis die relatiewe robuustheid van die tradisionele wesensverdiensle-syfer, in die sin dat dit aan beperkte oordeel onderhewig is.

VPA vervul 'n doel deur 'n weerspieëling te gee van die hele inkomstestaar, terwyl wesensverdiensle 'n item beskikbaar stel wat 'n aanduiding gee van handelsprestasie, geskei van kapitaalitems se inkomstestaareffek (TRV, 1996:par. 10). Die addisionele prestasiemaatstaf wat in die vooruitsig gestel word, is gemik daarop om 'n rigtingwyser van handhaafbaarheid te gee. Die definisie wat aan handhaafbare verdienste gekoppel word, is dat dit die kernverdiensle van die maatskappy is, geskei van effek van eenmalige items wat waarskynlik nie in die toekoms sal herhaal nie (gebaseer op die bespreking in afdeling 3.2). Dit is aan die hand van hierdie definisie wat die verdere besprekings gedoen word.

Omdat handhaafbaarheid in die meeste gevalle 'n subjektiewe betragting verg, sal alle vereistes onderhewig wees aan 'n beoordeling van die spesifieke omstandighede van die maatskappy (*IIMR*,

1993:par. 13). Oorhoofse riglyne, tesame met voorbeelde in sommige gevalle, word verskaf, maar dit sal in alle gevalle 'n intelligente oorweging van die omstandighede noodsaak.

Die items wat in die volgende afdelings hanteer word, word aangespreek na aanleiding daarvan dat dit in RE 306 behandel is, of dat dit in die literatuur geopper word as moontlike probleem-areas in die berekening van handhaafbare verdienste en ander prestasiemaatstawwe. Enkele gevalle het ook gespruit uit onderhoude gevoer met respondente tot die vraelys. Die volgende hanterings word vervolgens voorgestel:

## **4.2 BUITENGEWONE ITEMS**

Die *Australian Accounting Standards Board (AASB)* het in November 1992 *Accounting Standard AASB 1027: Earnings per Share* uitgereik. Die uitreiking hiervan het gevolg op *ED54* in Desember 1991 uitgereik. Verrassing is uitgespreek oor die betreklik min kommentaar wat ontvang is spesifiek ten opsigte van die syfer om te gebruik vir verdienste, omdat dit 'n potensieel sensitiewe saak is (Hewawisenti, 1993:41). 24 kommentare is gelewer en die resultaat kan as volg opgesom word:

Wins ingesluit ongewone items en uitgesluit buitengewone items	8
Wins uitgesluit ongewone items en uitgesluit buitengewone items	7
Wins ingesluit ongewone items en ingesluit buitengewone items	2
Wins ingesluit ongewone items en uitgesluit buitengewone items en wins uitgesluit ongewone items en uitgesluit buitengewone items	4
Wins uitgesluit ongewone items en uitgesluit buitengewone items en wins ingesluit ongewone items en ingesluit buitengewone items	2
Wins ingesluit ongewone items en uitgesluit buitengewone items en wins ingesluit ongewone items en ingesluit buitengewone items	1

Die raad het op grond van bogaande resultaat besluit om buitengewone items uit te sluit, maar wel ongewone items in te sluit. Die hoofargument ten gunste van hierdie uitgangspunt was dat dit die beste weergawe van verdienste uit bedryfsaktiwiteite is (Day, 1993:67). Gebruikers vind dat VPA met buitengewone items ingesluit beperkte gebruikswaarde het, en ondersteun ook die uitsluiting daarvan (Hamer, 1993:65). In sy werkstuk het Hamer gevind al sewe analiste met wie hy onderhoude gevoer het (p. 94) en 16 uit die 21 opstellers van finansiële state aan wie hy vraelyste gestuur het (p. 96), die uitsluiting van buitengewone items ondersteun. Finansies & Tegniek laat ook buitengewone items buite rekening wanneer die opbrengs op aandeelhoudersfondse bereken word (Jesse, 2000:4).

Dit dien dus as goeie wegspringplek, en is in lyn met die vereistes van RE 306, naamlik dat buitengewone items uitgesluit word uit die berekening van wesensverdiensle (paragraaf 11(l)) en dan ook nou uit die berekening van handhaafbare verdiensle. Dit strook ook met die definisie van buitengewone items soos in paragraaf 5 van RE 103, naamlik:

“inkomste of uitgawes wat voortspruit uit gebeure of transaksies wat duidelik van die gewone bedrywighede van die onderneming onderskei kan word en dus na verwagting *nie dikwels of gereeld herhaal sal word nie*” (beklemtoneering bygevoeg).

Uit die aard en definisie van buitengewone items sal dit nie gereeld herhaal word nie, en dit is dus redelik om dit uit te sluit van handhaafbare verdienste.

#### **4.3 TERSAAKLIKE HANDELSITEMS WAT EENMALIG VAN AARD IS**

RE 103 (SAIGR, 1995a:par. 15) bepaal dat items wat van sodanige omvang, aard en voorkoms is dat openbaarmaking daarvan tersaaklik is om die prestasie van die onderneming te verduidelik, apart openbaar gemaak behoort te word. Dit is dan ook die breë definisie wat gekoppel word aan tersaaklike handelsitems.

Tersaaklike handelsitems is nie noodwendig eenmalig van aard nie, net soos buitengewone items nie noodwendig eenmalig van aard is nie (SAIGR, 1995:par.12). Daar word in hierdie afdeling 'n betoog gelewer dat indien die tersaaklike items eenmalig van aard is, dit wel uitgesluit behoort te word van handhaafbare verdienste. Die feit dat 'n item as 'n tersaaklike handelsitem geklassifiseer word, kan moontlik daarop dui dat dit eenmalig van aard is.

In afdeling 2.5.1 is daar kortliks 'n betoog gelewer dat eenmalige items, soos buitengewone items, uitgesluit behoort te word van die prestasiemaatstaf wat in die vooruitsig gestel word. Daar is 'n aantal verdere verwysings wat aangehaal kan word ter ondersteuning van die uitsluiting van eenmalige items, en 'n aantal daarvan sal hier bespreek word. (Die bespreking soos in afdeling 2.5.1 word nie herhaal nie.)

Cullen (2001), die Minister van Finansies van Nieu-Seeland, het in 'n toespraak 'n bespreking gelewer van die regering van Nieu-Seeland se gebruik van Algemeen . Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP) in die rapportering van resultate van die fiskale

begrotingsproses. Hy stel 'n voorbehoud in die blindelinge aanvaarding van die gerapporteerde surplus, aangesien dit grotendeels veroorsaak was deur 'n meevaller wat voortgespruit het uit eenmalige winste uit privatisering. Daar word 'n addisionele maatstaf deur hom in die vooruitsig gestel wat 'n beter aanduiding sal bied van die resultate van die regering se fiskale proses, sonder om AARP te laat vaar. Die maatstaf deur hom in die vooruitsig gestel, sal sulke eenmalighede uitsluit. Alhoewel sy stellings streng gesproke nie betrekking het op finansiële state nie, dui dit op 'n behoefte aan prestasiemaatstawwe geskei van eenmalighede wat 'n wanpersepsie kan laat by die persone aan wie dit gekommunikeer word.

Analiste stel belang in die *persistence of earnings* (Comiskey, Mulford & Choi, 1995:4). Dit word gekenmerk deur die afwesigheid van nie-herhalende winste of verliese, en lei tot 'n hoër kwaliteit syfer, aangesien dit daarop dui dat die maatskappy die huidige vlakke kan volhou of verbeter. Beaver, Lambert en Morse (1980:26) deel verdienste in twee komponente, naamlik 'n permanente en *transitory* komponent om hierdie standhoudendheid van verdienste te toets. Die skrywers dui nie aan hoe die komponente gemeet moet word nie, maar uit ander studies (byvoorbeeld Elliott en Hanna (1996) en Cheng, Liu en Schaeffer (1996)) is dit duidelik dat eenmalige items se effek verwyder word.

McKenzie (1998:256) stel voor dat die effek van ongewone items buite rekening gelaat word in die bepaling van die opbrengs verdien op kapitaal, asook in die bepaling van die heersende prysverdiensverhouding. Dit stem ooreen met Gibson (1995:435) wat eenmalige items vir alle finansiële analyses weglaat. In die vergelyking van maatskappye op grond van winsgewendheid in 'n enkele jaar, kan die ooglopende inkomstestaatsyfer, naamlik netto wins na belasting, nie bloot aanvaar word nie. Die syfers word tot ekstreme hoogtes of laagtes gedryf deur eenmalighede, wat analiste se pogings vir 'n oorsigtelike vergelyking van handelsprestasie frustreer (Theobald, 2001:104).

Baie van die verwysings vir die uitsluiting van tersaaklike nie-herhalende items word gebaseer op die mees sinvolle hantering volgens die skrywers, eerder as na aanleiding van wetenskaplike

navorsing. Stark (1997) het 'n empiriese studie gedoen om die geldigheid te toets van hierdie weglating van eenmalige items in die beoordeling van finansiële resultate. Sy bevinding ondersteun die gebruik om eenmalige items uit te sluit uit berekeninge vir die analise van finansiële resultate. Hy voer aan dat items wat nie voorspellingswaarde vir die afhanklike veranderlikes, soos aandeelpryse, het nie, uitgesluit moet word in die bepaling van handhaafbare verdienste. Sy bevindinge stem ooreen met Givoly en Hayn (1992, soos gerapporteer in Dechow, 1994:34) wat bevind het dat nie-herhalende items minder inligtingswaarde as ander komponente van verdienste het. DeAngelo, DeAngelo en Skinner (1992:1838) het ook bevind dat die uitsluiting van ongewone items die vermoë van verdienste om toekomstige verdienste te voorspel, verhoog. Dechow (1994:35) se toetse het dieselfde gevind, maar sy maan dat eenmalige items nie heeltemal geïgnoreer moet word nie, aangesien bestuur verantwoordelik gehou moet word vir alle items wat 'n impak op die inkomstestaat het. (Sien ook Kormedi en Lipe (1987), Elliott en Hanna (1996), Easton en Zmijewski (1989) en Collins en Kothari (1989) (laasgenoemde gerapporteer in Youn Cho en Jung (1991)) vir soortgelyke bevindinge.)

In 'n studie gedoen oor die waarde-relevansie van verdienste en boekwaarde van die maatskappy se totale bates, is daar gevind dat daar 'n verskuiwing plaasgevind het vanaf verdienste na boekwaarde van die totale bates van die maatskappy in die mate waartoe verdienste en boekwaarde van die maatskappy se bates die waarde van aandele verklaar (Collins, Maydew & Weiss, 1997:41). Die rede hiervoor is dat daar toenemend items voorkom in die finansiële state wat die skrywers as eenmalige items klassifiseer, naamlik eindigende bedrywighede, buitengewone items en spesiale (ongewone) items. Die verdienste-syfer word volgens hulle so beïnvloed deur hierdie eenmalige items, dat dit nie meer so bruikbaar is soos voorheen in die bepaling van die waarde van die maatskappy nie.

Beaver en Morse (1978) het ondersoek ingestel na die bepalers van prysverdienste-verhoudings (PV's). Hulle het gevind dat PV's beïnvloed word deur tydelike elemente in verdienste wat gelei het tot buitengewone hoë of lae PV's. Die tydelike komponent van verdienste was dus nie relevant in die bepaling van die prys van die aandele nie. Dit stem ooreen met Ali, Klein en Rosenfeld

(1992:193) wat bevind het dat analiste minstens gedeeltelik die effek van tydelike elemente van verdienste uitsluit in die waardebeoordeling van aandele.

Die gevolgtrekking wat uit bostaande verwysings gemaak kan word is dat VPA wel 'n rol te speel het in die beoordeling van 'n maatskappy se resultate, maar dat die uitsluiting van eenmalige items uit die berekening van 'n alternatiewe of addisionele prestasiemaatstaf moontlik beter inligting sal bied in die beoordeling van 'n maatskappy se resultate.

Een probleem met eenmalige items is dat items wat nie van dieselfde aard is nie, soms in die inkomstestaat saamgevoeg word (Durwin, 1998:68). Daar word dus slegs 'n netto syfer geopenbaar, wat 'n wanindruk by beleggers kan skep. Dit word egter maklik aangespreek deur te vereis dat, minstens in die rekonsiliasie na handhaafbare verdienste, die items individueel openbaar gemaak en hanteer word. Dit is soortgelyk aan RE 101 (SAIGR, 1999f:par. 35) se vereiste dat inkomste- en uitgawe-items slegs in beperkte omstandighede teen mekaar verreken mag word.

Die voorstel dat daar openbaarmaking moet geskied van 'n verdienste-syfer verwyder van die effek van eenmalige items, is ook aangespreek deur die AICPA (AICPA, 1994:82). Hulle het voorgestel dat kernverdienste in die finansiële state geopenbaar behoort te word. Hulle definieer dit as volg:

*“Core earnings are not a prediction of future earnings. Rather, they are historical earnings adjusted to exclude the effects of historical unusual or non-recurring items.”*

Uit bostaande bespreking is dit dus duidelik dat die uitsluiting van eenmalige items uit die berekening van handhaafbare verdienste reeds geopper is in die literatuur, en dat dit sekere bewese voordele vir gebruikers kan bewerkstellig. Alhoewel tersaaklike items soos gedefinieer in RE 103 (paragrafe 15-17) nie noodwendig eenmalig van aard is nie, bestaan die moontlikheid dat dit wel eenmalig van aard is, en daarom word daar in die res van hierdie afdeling 'n bespreking gedoen van hierdie items.



In die bespreking wat volg word die items getoets aan die hand van die volgende definisie, wat 'n samevatting is van die bespreking in afdeling 3.2: Handhaafbare verdienste word gedefinieer as die kernverdienste van 'n maatskappy, geskei van die effek van eenmalige items wat na verwagting nie die resultate in toekomstige jare sal beïnvloed nie.

In paragrawe 15 tot 17 gee RE 103 voorbeelde van items wat van sodanige omvang, aard en voorkoms is dat openbaarmaking daarvan tersaaklik is om die prestasie van die onderneming vir die tydperk te verduidelik (paragraaf 15) (hierna word vervolgens verwys as tersaaklike items). Hierdie items behoort apart in die aantekeninge openbaar gemaak te word. Spesifieke voorbeelde wat genoem word, kan die volgende insluit:

- a) die afskrywing van voorraad tot netto realiseerbare waarde of eiendom, aanleg en toerusting tot die verhaalbare bedrag, sowel as die omswaai van sodanige afskrywings,
- b) herstrukturering van die bedrywighede van 'n onderneming en die omswaai van enige voorsiening vir die koste van herstrukturering,
- c) vervreemding van eiendom, aanleg en toerusting,
- d) vervreemding van langtermynbeleggings,
- e) eindigende bedrywighede,
- f) skikking van regsgedinge, en
- g) ander omswaaiings van voorsienings.

RE 306 vereis in paragraaf 11(a) dat hierdie items ingesluit word by wesensverdienste, buiten as dit spesifiek uitgesluit word, soos byvoorbeeld die afskrywing van eiendom, aanleg en toerusting tot die verhaalbare bedrag. Die rede waarom tersaaklike items in Australië, teen die normale gebruik van analiste, nie uitgesluit is van VPA nie, is dat tersaaklike items as sodanig geklassifiseer word op grond van hul grootte en effek op die resultate en nie op grond van gereeldheid nie, en dus elemente van beide handhaafbaarheid en nie-handhaafbaarheid kan insluit (Hewavisenti, 1993:41).

Paragraaf 11(a) van RE 306 stel voor dat indien hierdie tersaaklike items betekenisvol is, hierdie items prominent in 'n aantekening by verdienste geopenbaar behoort te word. Dit sal wel vir die gebruikers die geleentheid bied om self berekeninge te doen om handhaafbare verdienste te bereken, maar soos in afdeling 3.3.3 geargumenteer, het baie gebruikers nie die agtergrond om die berekeninge te doen nie. Daar word in hierdie afdeling 'n beskouing gedoen van die hantering van hierdie items in die berekening van handhaafbare verdienste.

Met inagneming van die doelstelling van 'n handhaafbare syfer, word 'n aantal voorstelle gedoen aan die hand van die voorbeelde soos hierbo aangedui.

#### *4.3.1 Die afskrywing van voorraad tot netto realiseerbare waarde*

Daar is feitlik geen omstandigheid waaronder die afskrywing van voorraad tot netto realiseerbare waarde uitgesluit kan word vir die berekening van handhaafbare verdienste nie, aangesien dit in die meeste gevalle nie eenmalig van aard is nie. Dit voldoen dus nie aan die definisie wat gegee word vir handhaafbare verdienste nie, naamlik dat eenmalige items uitgesluit word. Meeste ondernemings is onderhewig aan 'n risiko dat voorraad verouderd of beskadig sal word.

Die enigste omstandigheid is wanneer die afskrywing toeskryfbaar is aan 'n buitengewone item, en dan sal dit hanteer word as 'n buitengewone item, eerder as 'n afskrywing van voorraad tot netto realiseerbare waarde. As voorraad afgeskryf word as gevolg van vloedskade, sal die afskrywing onder buitengewone items resorteer, en sal dit dus uitgesluit word uit die berekening van handhaafbare verdienste (RE 103, paragraaf 12).

Daar sal dus onder normale omstandighede geen aanpassing gemaak word vir die afskrywing van voorraad tot netto realiseerbare waarde nie.

#### *4.3.2 Die afskrywing van eiendom, aanleg en toerusting tot die verhaalbare bedrag en die terugskrywing van die waardedaling*

Die waardedalingverlies van eiendom, aanleg en toerusting word in RE 128: Waardedaling van bates (SAIGR, 1999:par. 6) omskryf as die bedrag waarmee die drabedrag van die bate die hoogste van bate se netto verkoopsprys en sy gebruikswaarde oorskry. Gebruikswaarde is die huidige waarde van die toekomstige kontantvloei wat na verwagting uit die gebruik en latere vervreemding van die bate sal spruit.

So 'n afskrywing sal hanteer word soos enige ander kapitaalwins of –verlies. Verwys afdeling 4.3.4 vir 'n bespreking hiervan.

As die afskrywing uitgesluit word vir die berekening van handhaafbare verdienste, moet die terugskrywing ook uitgesluit word om konsekwentheid te verseker. Dit stem ooreen met die vereiste van RE 103 (SAIGR, 1995a:par.27) wat vereis dat 'n verandering in rekeningkundige raming dieselfde inkomstestaatklassifikasie behoort te hê as wat voorheen vir die raming gebruik is om vergelykbaarheid oor verskillende periodes te verseker.

#### *4.3.3 Herstrukturering van die bedrywighede van die onderneming en die omswaai van voorsienings vir herstruktureringskoste*

Geen verwysing word in RE 306 gemaak na herorganisasiekoste spesifiek nie. Daar word slegs melding gemaak van die herorganisasiekoste van langtermynskuld wat uitgesluit kan word (RE 306, paragraaf 11(d)). Die bepaling van paragraaf 11(d) kan egter anders geïnterpreteer kan word onder die Engelse mening. Die Engelse vereiste lui:

*“Profits and losses arising from the reorganisation, or redemption of long term debt, should be excluded.”*

Die kommas verskyn nie in die *IIMR* se standpunt (1993, par. 23) of die Afrikaanse weergawe nie. Sommige maatskappye het die interpretasie gemaak dat dit verwys na herorganisasiekoste in die algemeen, en dit dus uitgesluit uit die berekening van wesensverdienste (Hattingh, 1999a:25). Hierdie onduidelikheid word onderstreep deur Everingham en Watson (1999b:11) wat van mening is dat 'n maatskappy gefouteer het deur nie herorganisasiekoste uit te sluit uit die berekening van wesensverdienste nie. Everingham en Watson (1979:64-10) interpreteer inderwaarheid in hul gesaghebbende boek oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk RE 306 op só 'n wyse dat herorganisasiekoste, en voorsienings daarvoor, uitgesluit behoort te word van wesensverdienste. Dit was duidelik nie die bedoeling van die mening nie. Dit word duidelik as die bepaling van paragraaf 11(f)(ii) in ag geneem word wat bepaal dat die *voorsiening* vir sulke kostes teruggeskryf moet word, en gedebiteer word in die jaar waarin dit voorkom. Dit volg dus dat die kostes steeds in ag geneem moet word, al is dit in toekomstige jare (Hattingh, 1999b:33).

Met inagneming daarvan dat herorganisasiekoste waarskynlik nie deel is van die gemiddelde maatskappy se handelsaktiwiteite nie, behoort hierdie kostes vir die berekening van handhaafbare verdienste uitgesluit te word, juis omdat dit waarskynlik eenmalig van aard sal wees. (White, Sondhi & Fried, 1998:951).

Die respondente op die vraelys (Bylaag C) ondersteun ook die uitsluiting van die koste, maar stel 'n voorbehoud dat dit slegs gedoen kan word as dit eenmalig van aard is. As dit dus byvoorbeeld die bedryf van die maatskappy is om in te koop by sukkelende ondernemings en dit te herstruktureer, sal dit nie redelik wees om die herorganisasiekoste uit te sluit uit die berekening van handhaafbare verdienste nie (Swanepoel, 8 Augustus 2001). As 'n maatskappy betrokke is in 'n deurlopende proses van herstrukturering, behoort dit ook nie uitgesluit te word uit die berekening van handhaafbare verdienste nie. Dit raak dan deel van die onderneming se normale bedrywighede. Dit is in ooreenstemming met die hantering deur White, Sondhi en Fried (1998:953) se ontleding van Du Pont se inkomstestaats vir vyf jaar.

Uit 'n seleksie van 16 maatskappye wat wesensverdienste openbaar, het Hattingh gevind dat 7 (44%) herorganisasiekoste uitsluit uit die berekening van wesensverdienste (Hattingh, 1999a:25). Hattingh (1999b:33) gee ondersteuning vir die uitsluiting van herorganisasiekoste uit die berekening van handhaafbare verdienste deurdat hy aanvoer dat as maatskappye herorganisasiekoste wil uitsluit uit die berekening van wesensverdienste, hulle eerder 'n ander maatstaf moet openbaar, byvoorbeeld *sustainable EPS*, dit wil sê, handhaafbare verdienste.

Ten einde die vereiste te stel dat herorganisasiekoste uitgesluit word vir die berekening van handhaafbare verdienste, behoort daar 'n definisie gekoppel te word aan herorganisasiekoste (Zeelie, 31 Oktober 2001). Daar word voorgestel dat die koste uitgesluit kan word slegs as dit aan die volgende voorwaardes voldoen:

- Die koste moet duidelik en apart identifiseerbaar wees.
- Daar moet 'n direkte kousale verband bestaan tussen die uitgawes aangegaan en die aksie van herstrukturering.

Die koste van herstrukturering van bedrywighede behoort vir die meeste ondernemings uitgesluit te word uit die berekening van handhaafbare verdienste, indien dit eenmalig van aard is, en voldoen aan die voorgestelde definisie.

#### 4.3.4 *Vervreemding van eiendom, aanleg en toerusting*

RE 306 (paragraaf 11 (c)) vereis dat alle kapitaalwinste en -verliese uitgesluit moet word vir die berekening van wesensverdienste. Kapitaalwinste en -verliese verwys in hierdie afdeling na die winste en verliese met die verkoop van eiendom, aanleg en toerusting. Dit stem ooreen met White, Sondhi en Fried (1998:951) se hantering in die berekening van handhaafbare verdienste. Dit word uitgesluit omdat dit volgens hulle hoogs veranderlike nie-bedryfswins inkomste is. In die voorbeeld wat hulle voorlê, is daar egter in al vyf die jare winste met die verkoop van bates. In hul voorbeeld was daar slegs een generiese klassifikasie beskikbaar in die openbaarmaking tot die

finansiële state, naamlik winste met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting en kan die herhalende aard van die items nie beoordeel word nie. Daar word nie aangetoon of die items moontlik nie-herhalend van aard is nie. Met inagneming van die herhalende aard van die breë lynitem, gee die skrywers toe dat dit nie sinvol is om dit in geheel uit te sluit uit die berekening van handhaafbare verdienste nie. Paterson (2001:94) is ook van mening dat winste en verliese van 'n kapitale aard nie noodwendig apart staan van wins uit bedrywighede nie. Volgens hom behoort wesenlike items apart openbaar te word, maar steeds ingesluit te word by wins uit bedrywighede.

Soos dus in afdeling 2.5.3 gestel, is die uitsluiting van kapitaalwinste en –verliese soos in die eerste paragraaf van hierdie afdeling gedefinieer binne die omvang van handhaafbare verdienste nie noodwendig 'n geldige vereiste nie. Alhoewel White, Sondhi en Fried argumenteer vir die uitsluiting van kapitaalwinste, gee hulle toe dat winste wat duidelik herhalend van aard is, eerder nie uitgesluit behoort te word nie (White, Sondhi & Fried, 1998:951). Dit word ondersteun deur die resultaat van die vraelys (sien Bylaag C). In die onderhoude gevoer is daar telkens 'n voorbehoud gestel dat slegs eenmalige, nie-herhalende winste en verliese uitgesluit behoort te word uit die berekening van handhaafbare verdienste.

Die resultaat van transaksies met betrekking tot items verkry vir herverkoop is volgens RE 306 (paragraaf 11 (c)) nie hier van toepassing nie. Die items wat verkry word vir herverkoop se opbrengs vorm deel van die normale handelswinste en –verliese, en is dus nie kapitaal van aard nie.

Kapitaalwinste wat gemaak word op die verkoop van eiendom, aanleg of toerusting, moet oorweeg word in die lig van die gereeldheid van die transaksie. As die maatskappy byvoorbeeld siklies sy masjiene vervang, en daar dus gereeld winste of verliese gemaak word, kan die kapitaalwinste ten opsigte van daardie bates nie uitgesluit word uit die berekening van handhaafbare verdienste nie (Swanepoel, 8 Augustus 2001).

'n Verdere argument om te oorweeg, is die feit dat daar winste op gedepresieerde bates gemaak word, moontlik kan dui op foutiewe ramings van lewensduur (White, Sondhi & Fried, 1998:952). Die wins of verlies verteenwoordig dus in effek 'n aanpassing aan die waardevermindering gehef in vorige jare (Everingham & Watson, 1999b:10). Die beste manier om dit te hanteer, sou wees om alle soortgelyke bates se lewensdure te hersien, en 'n verandering in rekeningkundige raming te erken. Verwys ook afdeling 4.9 vir 'n bespreking van die hersiening van rekeningkundige ramings. Dit is egter strydig met wat tans die hantering van winste en verliese op eiendom, aanleg en toerusting in AARP is (SAIGR, 1999f:par. 60), en daar word dus volstaan deur voor te stel dat die gereeldheid van die verkoop van vaste bates oorweeg moet word in die bepaling van of die winste en verliese uitgesluit behoort te word.

#### 4.3.5 *Vervreemding van langtermynbeleggings*

Indien 'n item as langtermynbelegging geklassifiseer word, dan is die veronderstelling dat dit nie binne die normale besigheidsiklus verkoop sal word nie (SAIGR, 1999f:par. 58). 'n Langtermynbelegging word gedefinieer as 'n belegging wat na verwagting nie in die normale gang van die onderneming se bedryfsiklus gerealiseer sal word nie, of wat twaalf maande na die balansstaatdatum gerealiseer sal word (SAIGR, 1999f:par. 58). As dit dus egter wel verkoop word, dan is dit waarskynlik as gevolg van nie-herhalende omstandighede. Dit sal dan voldoen aan die definisie van handhaafbare verdienste soos in afdeling 3.2 gestel. Die algemene beleid om dit uit te sluit uit die berekening van handhaafbare verdienste as kapitaalitem soos onder die breë riglyne gegee by RE 306, is dus geldig en daar sal gevolglik weinig uitsonderings hierop wees.

#### 4.3.6 *Eindigende bedrywigheede*

Eindigende bedrywigheede word as volg gedefinieer in RE 117 (SAIGR, 1999b:par. 3):

“'n Eindigende bedrywigheid is 'n komponent van 'n onderneming :

(a) wat die onderneming, in navolging van 'n enkele plan:

- (i) wesenlik in die geheel besig is om te vervreem deur byvoorbeeld die verkoop van die komponent in 'n enkele transaksie, deur 'n ontsmelting, of 'n newevoordeel van eienaarskap van die komponent aan die onderneming se aandeelhouders,
  - (ii) stuksgewys besig is om te vervreem deur byvoorbeeld die verkoop van die komponent se bates en individuele vereffening van sy laste, of
  - (iii) besig is om deur staking te beëindig,
- (b) wat 'n afsonderlike belangrike sake-segment of geografiese gebied van bedrywighede verteenwoordig, en
- (c) wat vanuit 'n bedryfsperspektief en vir finansiële verslagdoeningsdoeleindes onderskei kan word."

Daar word aangevoer dat beleggers primêr belang stel in die resultate van voortgesette bedrywighede, dit wil sê die deel van die bedrywighede wat nie beïnvloed word deur beëindiging nie, aangesien dit waarskynlik die beste aanduiding van die entiteit se toekomstige prestasie sal wees (*Accounting Practices Board, 1973:par. 5*). Die *Statement of Investment Practice No. 1: The definition of headline earnings (IIMR, 1993)*, die standpunt waarop RE 306 gebaseer is (RE 306, paragraaf 7), gee 'n bespreking van handhaafbare verdienste. Daarin word 'n betoog gelewer dat verdienste uit eindigende bedrywighede in die bepaling van handhaafbare verdienste uitgesluit behoort te word (*IIMR, 1993:par. 11*). Dit stem ooreen met die resultaat van die vraelys (Bylaag C) waarin ses uit die agt respondente die resultaat van eindigende bedrywighede uitgesluit wil hê. McKenzie (1998:254) en Gibson (1995:435) is ook van mening dat die wins uit voortgesette bedrywighede oorweeg moet word as die neiging van verdienste geëvalueer word. Die rede hiervoor is dat die bedrywigheid slegs vir 'n gedeelte van die jaar onder beheer van die maatskappy was. Uit 'n ekonomiese oogpunt behoort eindigende bedrywighede buite rekening gelaat te word, aangesien dit gesonke koste is wat nie in ag geneem behoort te word in besluitneming nie (Clayman, 1995:57).

Die Amerikaanse Standpunt No. 128 vereis dat inkomste uit voortgesette bedrywighede op 'n per aandeel-basis apart geopenbaar word (*FASB, 1997:par. 36*). Die *AICPA* het ook voorgestel dat



eindigende bedrywighe se resultaat nie as deel van kernbedrywighe geopenbaar word nie (AICPA, 1994:82).

Daar word dus voorgestel dat die resultaat van eindigende bedrywighe in die berekening van handhaafbare verdienste uitgesluit behoort te word.

Uit die definisie van eindigende bedrywighe en die verdere bespreking in paragrawe 7 tot 12 van RE 117 (SAIGR, 1999b), is dit duidelik dat as 'n filiaal of besigheid van die maatskappy verkoop of beëindig word, dit nie noodwendig kwalifiseer as eindigende bedrywigheid nie, byvoorbeeld as daar ander filiale is wat dieselfde tipe besigheid bedryf in dieselfde geografiese area. Daar kan dus gevalle wees waar 'n filiaal verkoop word, met die gevolg dat die verkoopte filiaal se resultate nie meer deel vorm van die gekonsilideerde resultate nie, maar die effek op inkomstestaat word nie duidelik apart openbaar nie. Dit laat nou 'n wanpersepsie ontstaan oor die handhaafbaarheid van die verdienste van die maatskappy. Die AICPA (1994:82) het hierdie moontlikheid aangespreek en stel voor dat selfs as die bedrywigheid wat gestaak of vervreem word, nie 'n aparte segment verteenwoordig nie, dit wel behoort te kwalifiseer as 'n eindigende bedrywigheid. So sal 'n filiaal wat nie onder die huidige definisie as eindigende bedrywigheid kwalifiseer nie, kwalifiseer as eindigende bedrywigheid in toekomstige hersienings van die Amerikaanse standpunt oor eindigende bedrywighe. Hierdie voorgestelde hantering stem nie ooreen met die hantering wat gevolg word in Suid-Afrikaanse AARP nie. Daar word dus voorgestel dat die openbaarmaking van die rekonsiliasie tussen verdienste en handhaafbare verdienste uitgebrei word deur voorsiening te maak vir 'n addisionele item om ook die AICPA se siening te akkommodeer. Die openbaarmaking kan dan as volg aangebied word:

	Jaar 2	Jaar 1
Verdienste per aandeel	1.00	1.00
Rekonsiliërende items	<u>0.12</u>	<u>(0.03)</u>
Handhaafbare verdienste per aandeel	1.12	0.97
Uit voortgesette bedrywighede	0.85	0.80
Uit bedrywighede verkoop wat nie kwalifiseer as eindigende bedrywighede nie	0.27	0.17

So 'n aanbieding sal lei tot die mees vergelykbare openbaarmaking tussen maatskappye, selfs al het die maatskappye bedrywighede wat vervreem of gestaak is, wat nie kwalifiseer as eindigende bedrywighede nie (Rogero, 1996).

Ter opsomming word daar dus voorgestel dat die resultaat van eindigende bedrywighede uitgesluit word uit die berekening van handhaafbare verdienste, en dat daar addisionele openbaarmaking geskied van die komponent van verdienste wat betrekking het op vervreemde of gestaakte bedrywighede wat nie as eindigende bedrywighede kwalifiseer nie.

#### 4.3.7 Skikking van regsgedinge

Ondernemings is oor die algemeen in 'n meerdere of mindere mate onderhewig aan die risiko van regsgedinge (Zeelie, 31 Oktober 2001). Om dit dus uit te sluit vir die berekening van handhaafbare verdienste, skep 'n wanindruk by gebruikers dat die item nie in die toekoms sal herhaal nie. Daar word dus voorgestel dat regsaksies en die skikking van regsgedinge so 'n integrale deel van handeldryf is, dat daar nie gronde is om dit uit te sluit uit die berekening van handhaafbare verdienste nie, omdat dit waarskynlik herhalend van aard is. Die enigste uitsondering is as dit sou spruit uit 'n buitengewone item of 'n werklik eenmalige item. Dit sal dan hanteer word soos voorgestel in afdelings 4.2 en 4.3 onderskeidelik.

#### 4.3.8 Ander omswaaiings van voorsienings

'n Omswaai van 'n voorsiening moet evalueer word in die lig van die aangeleentheid wat oorspronklik aanleiding gegee het tot die voorsiening en die hantering van die aanvanklike voorsiening (SAIGR, 1995a:par. 27). As die skepping van 'n voorsiening uitgesluit word van die berekening van handhaafbare verdienste, behoort die terugskrywing daarvan ook nie 'n invloed te hê op die handhaafbare verdienste nie.

#### 4.3.9 Samevatting

Die generiese klassifikasie van tersaaklike items en meer spesifieke voorbeelde soos in RE 103 voorsien, is in hierdie afdeling aangespreek. Wat duidelik uit die besprekings spruit, is dat kwalitatiewe oorwegings 'n groot rol speel, en dat elke maatskappy se unieke omstandighede ondersoek moet word. Vervolgens word 'n aantal verdere items wat in die literatuur aangespreek word, oorweeg.

### 4.4 WAARDEVERMINDERING

Waardevermindering word buite rekening gelaat in die bepaling van *EBITDA* (*Earnings Before Interest, Tax, Depreciation and Amortisation*). Die redenasie vir die uitsluiting van waardevermindering vir die berekening van *EBITDA* is tweeledig, naamlik dat dit nie kontantvloei verteenwoordig nie, en dat verskillende maatskappye bates op verskillende stadia aangekoop het, met die gevolg dat die kosprys kan verskil en dat die waardeverminderingskoste gevolglik ook kan verskil (resultaat van vraelyste, Bylaag C). Die historiese waardeverminderingskoste sal dus verskil tussen maatskappye, ten spyte daarvan dat die werkverrigting van die bates moontlik dieselfde ekonomiese voordele tot gevolg het, omdat die kospryse verskil as gevolg van inflasie. Met die vereiste dat die wesensverdienste kapitaalitems se effek buite rekening laat (RE 305, paragraaf 10), sou daar argumente uitgemaak kan word dat waardevermindering ook vir die berekening van wesensverdienste uitgesluit behoort te word, aangesien waardevermindering

inderwaarheid kapitaal van aard is. Met die nadere beskouing van die detail voorskrifte van RE 306, is dit egter duidelik dat dit nie die geval is nie. Daar word geen melding in die mening van waardevermindering gemaak nie, en dit word ook nie as aanpassing in die voorbeeld tot die mening getoon nie.

Waardevermindering is inderdaad nie 'n onmiddellike kontantvloeitem nie, maar dit verteenwoordig die verspreiding van die kontantvloeitem oor die leeftyd van die bate (Swanepoel, 8 Augustus 2001). In werklikheid is dit dus wel kontantvloeitem, versprei oor 'n periode. Om dit buite rekening te laat vir handhaafbare verdienste, sou 'n belangrike komponent van die maatskappy se aktiwiteite buite rekening laat. Waardevermindering is buitendien 'n koste wat jaarliks herhaal, en as sulks kan dit nie uitgesluit word nie.

Die uitsluiting van waardevermindering op grond daarvan dat dit verskil tussen maatskappye, is ook onder verdenking binne die handhaafbaarheidsomgewing. Vir die maatskappy was dit 'n historiese koste, en daardie historiese koste moet in ag geneem word (Mouton, 8 Augustus 2001). Dit is tot die maatskappy se voordeel dat bates deur die maatskappy teen goedkoper as die maatskappy se mededingers bekom is (Zeelie, 31 Oktober 2001). Verder is die rapporteringsomgewing steeds oorwegend histories van aard. Tot tyd en wyl daar ten volle verander word na 'n huidige koste-stelsel, word die historiese koste rapporteer.

Vir die berekening van handhaafbare verdienste behoort waardevermindering dus nie uitgesluit te word nie.

#### **4.5 KLANDISIEWAARDE**

Na aanleiding van die betoog gelewer in afdeling 2.5.7 (nie hier herhaal nie) word daar voorgestel dat die amortisasie van klandisiewaarde nie uitgesluit word vir die berekening van handhaafbare verdienste nie, aangesien dit 'n jaarlikse koste is wat in die toekoms sal herhaal. Drie uit die sewe respondente op die vraelys (Bylaag C) het hierdie voorstel ondersteun. Met hierdie hantering van

klandisiewaarde word daar voldoen aan die definisie van handhaafbare verdienste soos omskryf in afdeling 3.2.

#### **4.6 KAPITALE VOORSIENINGS**

Op grond van die argumente in afdeling 2.5.3 wat handel oor kapitaalwinste of –verliese behoort voorsienings vir die volgende items nie uitgesluit te word bloot op grond van die kapitale aard daarvan nie:

- Voorsienings ten opsigte van winste of verliese met die verkoop of beëindiging van 'n bedrywigheid,
- Voorsienings vir die koste van 'n fundamentele herorganisasie of herstrukturering wat 'n wesentliche uitwerking op die aard en fokus van die verslagdoenende entiteit se bedrywigheid het, en
- Voorsienings vir winste en verliese met die verkoop van vaste bates.

Dit behoort onderhewig te wees aan dieselfde oorwegings as enige ander item, ongeag daarvan dat dit 'n voorsiening is.

#### **4.7 BELASTING**

RE 306 (paragraaf 11(j)) bepaal dat wesensverdiensle aangepas moet word om te weerspieël dat sekere items uitgesluit is vir die berekening van wesensverdiensle. Die belasting-effek van die weggelate items word dus ook verwyder.

Copeland, Koller en Murrin (2000:164) hanteer uitgestelde belasting se inkomstestaat-effek as heeltemal ignoreerbaar. Vir waardasie en analitiese doeleindes verwyder hulle die effek van uitgestelde belasting om die belastinguitgawe op 'n kontantbasis te plaas. Dit strook egter nie met die handhaafbaarheid-beginsel en die mening van die respondente op die vraelys (Bylaag C) wat

die inligtingsinhoud van uitgestelde belasting ondersteun nie. Handhaafbare verdienste gee nie voor om kontantvloeï te weerspieël nie, maar is eerder die verdienste van vorige jare wat die beste grondslag bied om verdienste vir die volgende en daaropvolgende jare te raam (*IIMR*, 1993, par. 10). Daarvolgens het uitgestelde belasting dus wel inligtingsinhoud, en is RE 306 se vereiste 'n geldige een, naamlik deur slegs te vereis dat aangepaste items se belastingeffek ook aangepas word.

Die aanpassing aan belastingkoerse deur belastingwetgewing het 'n effek op die uitgestelde belastingsaldo op die balansstaat, en die effek word in die inkomstestaat erken. Volgens RE 306 behoort hierdie effek nie verwyder te word vir wesensverdiensdoeleindes nie, alhoewel uitgestelde belasting in baie gevalle die gevolg is van kapitaalitems. Vir die berekening van handhaafbare verdienste behoort egter wel uitgesluit te word, aangesien dit nie 'n item is wat na verwagting gereeld sal herhaal nie (Everingham & Watson, 1999a:2). SAIGR gee erkenning aan hierdie anomalie, en stel voor dat die effek wat dit het op wesensverdiens, openbaar word (Dickinson, 1999).

Onder normale omstandighede word daar egter volstaan met die vereiste dat, buiten vir die aanpassing vir items wat aangepas word vir handhaafbare verdienste, die syfer gebruik moet word soos geopenbaar in die inkomstestaat.

#### **4.8 VOORKEURDIVIDENDE**

RE 104 (paragraaf 12) bepaal dat voorkeurdividende afgetrek moet word in die bepaling van verdienste, ongeag of dit betaal is of nie. Dit het tot gevolg dat die uitgawe erken word, selfs al is dit moontlik nie betaal in die jaar onder oorsig nie. Dieselfde bepaling behoort te geld in die bepaling van handhaafbare verdienste per aandeel, aangesien dit 'n aanduiding gee van die verdienste wat toeval aan die ekwiteitshouers van die maatskappy (Hewavimenti, 1993:41).

#### 4.9 VERANDERING IN RAMING

'n Verdere aangeleentheid is items wat spruit uit die hersienings van ramings. Die hantering ingevolge RE 103 (paragraaf 25) is om dit ten volle te erken in die jaar waarin die raming hersien word of dit te versprei oor toekomstige tydperke. Miller (1990:131) stel egter voor dat dit terugwerkend aangepas word in die jare waar die raming foutief erken is. Ten einde vergelykbaarheid tussen periodes te bewerkstellig, is dit die mees logiese hantering van sulke aanpassings. Dit is egter in direkte kontras met byvoorbeeld RE 103 wat betreklik min aanpassings aan vorige jaar syfers vereis.

Indien die verandering in raming egter wesenlik is, impliseer dit dat die vorige jaar se syfers nie streng vergelykbaar is met die huidige jaar se syfers nie (verwys na die voorbeeld later in hierdie afdeling). Ten einde dit te bowe te kom, kan die hele aanpassing uitgesluit word (White, Sondhi & Fried, 1998:959). 'n Argument wat aangevoer kan word ten gunste van die uitsluiting van die hersiening van die raming, is dat maatskappye hersiene ramings wat 'n invloed op inkomste het, gebruik om hul winste te verbeter, om aan verwagtinge te voldoen (Turner, 2001). Dit is toenemend die situasie in Amerika waar maatskappye onder druk is om aan die winsvoorspellings van analiste te voldoen. Dit sou egter nie 'n weerspieëling van die ware toedrag van sake gee nie, aangesien verdienste wél 'n verandering ondergaan het. Met inagneming van die gedagterigting van handhaafbaarheid, behoort die effek van die huidige jaar se gedeelte van die hersiening ten minste in berekening gebring word.

Die beste alternatief is dus om die syfers vir al die jare wat geopenbaar word, terugwerkend aan te pas om dit oor die jare vergelykbaar te maak.

'n Voorbeeld van so 'n verandering in raming sal die situasie verder toelig. Hierdie voorbeeld spreek ook 'n situasie aan van 'n item waarvoor daar moontlik nie noodwendig 'n riglyn gegee word nie, maar wat met inagneming van die hantering van ander items uitgepluis kan word.

Veronderstel daar is 'n voorsiening geskep in jaar een vir belasting wat waarskynlik later betaalbaar gaan word. In die lig van nuwe inligting tot die maatskappy se beskikking aan die einde van jaar twee, het dit duidelik geword dat die voorsiening nie meer nodig is nie, of te veel was. Die vraag is nou of dit uitgesluit moet word vir die berekening van handhaafbare of wesensverdienste. Volgens RE 306 (paragraaf 11(k)) behoort die belastinguitgawe die uitgawe in die inkomstestaat te weerspieël, buiten vir aanpassings gemaak vir die weglating van sekere items. Hiervolgens behoort die voorsiening en daaropvolgende terugskrywing nie uitgesluit te word uit die berekening van handhaafbare verdienste nie.

As daar egter die oorhoofse doelstelling van handelsprestasie in paragraaf 10 van RE 306 in ag geneem word, kan daar aangevoer word dat dit nie ingesluit behoort te word nie, aangesien dit nie verband hou met die huidige jaar se handelsprestasie nie.

'n Verdere punt wat 'n invloed kan hê, is dat die oorvoorsiening gespruit het uit 'n dispuut oor die toelaatbaarheid van kapitaaltoaes. Met dit as agtergrond, sou daar selfs vir die uitsluiting geargumenteer kon word op grond van die uitsluiting van kapitaalitems (RE 306, paragraaf 10).

Minder ingeligte gebruikers sou wou argumenteer dat die vorige jare se state verkeerd is, aangesien daar in die huidige jaar 'n aanpassing gemaak moet word op grond van items in die vorige jaar se finansiële state (Miller, 1990:131). Uit 'n teoreties rekeningkundige oogpunt is dit egter verkeerd, want die state is opgestel, en ramings gemaak, met inagneming van al die beskikbare inligting tot op daardie stadium (RE 103, paragraaf 22). Dit het slegs later geblyk dat hierdie raming aanpassing verg.

Die implikasie bly egter steeds dat die twee jaar se syfers nie streng vergelykbaar is nie, aangesien daar in jaar een 'n uitgawe en in jaar twee 'n wins van dieselfde bedrag erken is. Ter illustrasie word die volgende aangebied:



	Jaar 2	Jaar 1
Netto wins voor belasting	100	100
Belasting	(20)	(40)
Normale belasting	30	30
(Oorvoorsiening)/voorsiening	(10)	10
Netto wins na belasting	80	60

Duidelik varieer die twee jaar se syfers baie as gevolg van die voorsiening en die daaropvolgende terugskrywing daarvan. Die hantering ingevolge AARP is korrek, maar dit bemoeilik die vergelyking tussen die verskillende jare. In hierdie opsig is die leke-oogpunt die mees bruikbare, want 'n leek sou moontlik verwag dat die vorige jaar syfers aangepas moet word (Miller, 1990:131). Die situasie sou dan so daarna uitsien:

	Jaar 2	Jaar 1
Netto wins voor belasting	100	100
Belasting	(30)	(30)
Normale belasting	30	30
Voorsiening	-	10
Oorvoorsiening teruggeskryf	-	(10)
Netto wins na belasting	70	70

Nou is die syfers werklik vergelykbaar, aangesien die fout reggestel is in die jaar wat dit begaan is.

Daar word voorgestel dat die verandering in raming slegs in die berekening van handhaafbare verdienste terugwerkend aangepas word, aangesien die terugwerkende aanpassing van 'n verandering in raming teen AARP is (SAIGR, 1995a:par 25). Die voorstel word dus geopper dat die verandering in raming terugwerkend reggestel word, slegs in die berekening van handhaafbare

verdiensle, soos wat tans die geval is met 'n verandering in rekeningkundige beleid. Hierdie voorstel is ondersteun deur drie van die agt respondente op die vraelys (Bylaag C).

#### 4.10 OORNAMES EN SAMESMELTINGS

Nog 'n item wat hom sou kon leen tot potensiele teoretiese aanpassings, is die effek van oornames of samesmeltings. Om 'n aanduiding te kry van die handhaafbare verdiensle per aandeel, moet die effek van die oorname oorweeg word. Gebruikers vind hierdie inligting bruikbaar in analises wat gedoen word (Hamer, 1993:50). Vervolgens word drie moontlike scenario's aangespreek, naamlik oornames by wyse van aandele-uitreikings, kontant en skuld.

Indien die oorname by wyse van die uitreiking van aandele gedoen word, word die VPA klaar op 'n handhaafbare verdiensle-basis gerapporteer. Die volgende voorbeeld illustreer dit:

Maatskappy A neem maatskappy B oor presies in die helfte van jaar een. 10 aandele word uitgereik. Maatskappy B se winste loop gelykmatig op. Verdere detail is as volg:

	Jaar 0	Jaar 1	Jaar 2
Netto wins:			
A	200	200	200
B	20	20	20
Uitgereikte aandele	100	100	110
Aandele uitgereik met oorname		10	
VPA	$\frac{200}{100}$	$[(200 + 20 \times \frac{6}{12}) / (100 + 10 \times \frac{6}{12})]$	$\frac{220}{110}$
		$= \frac{210}{105}$	
	= 2	= 2	= 2

Die verdienste per aandeel het dus geensins verander as gevolg van die oornome by wyse van aandele nie. Dit is as gevolg van die weging wat toegepas word op die aantal aandele wat in berekening gebring word wanneer aandele vir waarde uitgereik word in die loop van die jaar (RE 104, paragraaf 21).

Wanneer die belegging egter by wyse van kontant gedoen word, is die situasie meer problematies. Daar vind nou geen weging van aandele plaas nie, aangesien daar geen aandele uitgereik is nie. Een alternatief sou wees om die resultate van die oorgeneemde maatskappy vir die volle jaar in te sluit, soos oorweeg deur die *IIMR* in hul bespreking van handhaafbare verdienste (*IIMR*, 1993:par. 11). Dit sou ook in ooreenstemming wees met die *pooling of interest*-metodiek wat tradisioneel gevolg kon word by samesmeltings (SAIGR, 1999c:par. 78). Daar vind egter nou 'n mate van dubbeltelling plaas, deurdat die opbrengs op kapitaal wat voor die oornome verdien is, ook in berekening gebring word. Dit lei dus tot dubbeltelling van opbrengs op kapitaal. Dit kan met die volgende voorbeeld geïllustreer word: A neem B oor teen 100 kontant. Rente was verdien teen 10% per jaar.

	Jaar 0	Jaar 1	Jaar 2
Wins:			
A	200	195 <sup>1</sup>	190 <sup>2</sup>
B	20	20	20
Aandele uitgereik	100	100	100
Rente verdien op kontant, ingesluit	10	5	0
by netto wins			
VPA bereken as resultaat vir die	200/10	(195 + 20) / 100	(190 + 20) / 100
hele jaar ingesluit word			
	= 2	= 2.15	= 2.10

1 Wins neem af met rente verdien op die kontant aangewend in die oornome van B ( $100 \times 10\% \times \frac{6}{12}$ )

2 Wins neem af met rente verdien op die kontant aangewend in die oornome van B ( $100 \times 10\%$ )

Dit is nie 'n houdbare situasie nie, aangesien die rente op die kontant verdien, plus die resultaat van B nou vir die eerste ses maande in ag geneem word. Verder val die resultaat van B nie vir A toe vir die eerste ses maande nie. 'n Ander alternatief sou wees om die resultaat van A vir die hele jaar in te sluit, en die rente verdien op die kontant uit te sluit uit die berekening van handhaafbare verdienste. Dit sou dus 'n VPA van R2.10 ( $((195-5+20)/100)$ ) teweeg bring, wat 'n ware aanduiding van handhaafbaarheid bied. Dit is egter hierdie tipe teoretiese aanpassings wat die *IIMR* wou vermy (*IIMR*, 1993:par. 11). Die beste middeweg sal dus wees om, soos binne die inkomstestaat, slegs die laaste ses maande se resultaat in ag te neem. Daar vind dus 'n outomatiese weging plaas, deurdat die resulterende syfer nou 'n aanduiding gee van die opbrengs verdien op kontant. Die gevolg is dus 'n VPA van  $(195+10)/100 = 2.05$ . Alhoewel dit nie 'n ware aanduiding bied van handhaafbare verdienste nie, is dit die beste wat gedoen kan word sonder om te verval in tegniese, teoretiese en manipuleerbare berekeninge.

Een ander alternatief wat oorweeg moet word, is as die belegging by wyse van skuld gedoen word. Veronderstel dieselfde gegewens as by die eerste voorbeeld, buiten dat A skuld van 100 aangaan teen 'n rentekoers van 10% om die oorname te finansier.

	Jaar 0	Jaar 1	Jaar 2
Wins voor finansieringskoste	200	200	200
Rente op lening om oorname te finansier		(5)	(10)
Wins na finansieringskoste	200	195	190

Dieselfde argument as die voorafgaande argument geld. As B se resultate vir die hele jaar ingesluit word, is VPA as volg:

$$\begin{array}{ccc}
 200/100 & (195 + 20) / 100 & (190 + 20) / 100 \\
 = 2 & = 2.15 & = 2.10
 \end{array}$$

Weereens moet daar 'n teoretiese aanpassing gemaak word om die effek van die lening vir die hele jaar te weerspieël. Daar moet nou veronderstel word dat die lening vir die eerste ses maande ook van krag was, en dan verander Jaar 1 se VPA na 2.10  $((195 - (100 \times 10\% \times \frac{6}{12}) + 20)/100)$ .

Dit bied dus nou 'n ware aanduiding van die handhaafbaarheid. As daar egter weer 'n middeweg gevolg word, is die VPA nou 2.05  $((195 + 10)/100)$ .

Alhoewel bogaande voorbeelde simplisties is, en nie die ware kompleksiteit van die praktiese handelsomgewing, en die sikliese aard van sommige besighede se resultate, weerspieël nie, illustreer dit wel 'n punt. As teoretiese aansuiwerings vermy moet word, is dit duidelik dat die resultaat van 'n oorgeneemde maatskappy slegs vanaf die oomblik van oorname 'n effek moet hê op verdienste.

Dreyer (20 Augustus 2001) het 'n beperking genoem van die hantering gevolg by oornames. Indien 'n filiaal gekoop word waarvan die resultate siklies van aard is, kan dit lei tot 'n wanvoorstelling van die resultate. Veronderstel die oorgeneemde filiaal maak slegs die laaste drie maande wins, terwyl 'n verlies-situasie heers in die eerste nege maande. Indien die filiaal drie maande voor die jaareinde oorgeneem word, word slegs die winseffek in ag geneem vir die eerste jaar se gekonsolideerde resultate. In die volgende jaar word die volle jaar se resultate, insluitend die verlies-effek, in ag geneem. Sodoende is die resultate nie streng vergelykbaar van jaar tot jaar nie. As die sikliese aard van die oorgeneemde maatskappy se resultate nie geopenbaar word nie, kan beleggers foutiewe besluite neem. Soos hierbo geïllustreer, is dit moeilik om sonder teoretiese aansuiwerings hierdie situasie aan te spreek. Daar word dus voorgestel dat, as 'n minimum, die sikliese aard van die oorgeneemde besigheid in algemene terme bespreek word (AICPA, 1994:33).

'n Verdere voorstel deur Dreyer (20 Augustus 2001) gemaak, is dat daar 'n aanduiding gegee moet word van organiese groei. Dit is die openbaarmaking van resultate verwyder van die effek van maatskappye of besighede oorgeneem in die afgelope periode. Verder stel sy voor dat die bates en laste van die oorgeneemde besighede ook apart geopenbaar word. Die rede hiervoor is dat verhoudings wesenlik beïnvloed word deur die gekonsolideerde syfers. As die nuwe filiaal slegs vir byvoorbeeld drie maande deel vorm van die gekonsolideerde resultate, kan die bedryfskapitaal nie in verband gebring word met omset nie. Die bedryfskapitaal moet in verband gebring word met die hele jaar se omset.

Alhoewel laasgenoemde twee voorstelle nie direk verband hou met handhaafbare verdienste nie, word dit wel hier aangebied om die beoordeling van resultate te vergemaklik.

Daar word dus geen aanpassing gemaak vir oornames en samesmeltings in die berekening van handhaafbare verdienste nie.

#### 4.11 SEGMENTINLIGTING

Epstein en Palepu (1999) het ondersoek ingestel na watter inligting analiste as belangrik beskou. Die meeste analiste het segmentinligting as selfs belangriker as die hoof finansiële state beskou, aangesien dit addisionele insig verskaf het ten opsigte van historiese bedryfsprestasie, asook moontlik toekomstige prestasie. Hulle bevinding stem ooreen met een van die gevolgtrekkings van die AICPA oor die belangrikheid van segmentdata (AICPA, 1994:71). Die AICPA stel voor dat in die lig van die hoë inligtingsinhoud van segmentdata, dat daar aanpassings gemaak moet word in segmentdata vir eenmalige items. Dit sal die handhaafbare verdienste van verskillende segmente beter aandui.

RE 115 (Hersien) : Segmentverslagdoening (SAIGR, 1999e) vereis in paragraaf 53 dat die segmentresultaat vir elke rapporteerbare segment geopenbaar word. Met bostaande as agtergrond word daar dus voorgestel dat, indien 'n uitsluitbare item aan 'n segment toegewys kan word, dit as 'n rekonsiliërende item in die segmentverslag openbaar word. Sodoende sal die handhaafbare verdienste van elke segment ook duidelik wees.

#### 4.12 GEKONSOLIDEERDE STATE

Die hantering van aanpassings in gekonsolideerde en groepstate behoort ooreen te stem met die hantering in maatskappye se eie state (SAIGR, 1999i:par. 19). Dieselfde aanpassings moet dus aan die groepstate gemaak word, ook vir geassosieerde maatskappye wat op die ekwiteitsmetode verantwoord word (SAIGR, 1999j:par. 15). Indien die filiale, geassosieerdes of gesamentlike ondernemings in hul eie state handhaafbare verdienste openbaar, kan dit as basis dien in die besluit op die hantering van items wat aangepas moet word vir handhaafbare verdienste in die groepstate. Selfs indien dit nie openbaar word nie, behoort daar genoegsame invloed te wees om die inligting te versoek vanaf die maatskappye (SAIGR, 1999c:par. 11). Daar word egter 'n voorbehoud gestel dat daar nie blindelings gesteun moet word op openbaarmakings deur die maatskappye nie. Dit is moontlik dat 'n item se hantering in die berekening van handhaafbare

verdienste binne groepsverband kan verskil van die hantering in die individuele state, maar dit sal die uitsondering, eerder as die reël wees (Zeelie, 31 Oktober 2001).

#### 4.13 TEN VOLLE VERWATERDE SYFERS

RE 104 (SAIGR, 1999a) vereis dat ten volle verwaterde verdienste openbaar word, en dat die verdienste-syfer aangesuiwer word vir die nabelastinguitwerking van die inkomstestaateffek van verwaterende potensiële gewone aandele (paragraaf 27). Dit wil voorkom asof die standpunt aanbeveel dat alternatiewe prestasiemaatstawwe ook op 'n ten volle verwaterde basis aangebied behoort te word, op grond van die bewoording van paragraaf 52:

“Indien 'n onderneming benewens basiese en verwaterde verdienste per aandeel, per-aandeel-bedrae openbaar maak met gebruikmaking van 'n gerapporteerde komponent van netto wins wat nie as netto wins of verlies vir die tydperk toeskryfbaar aan gewone aandeelhouders is nie, behoort sulke bedrae bereken te word met gebruikmaking van die geweegde gemiddelde getal gewone aandele wat in ooreenstemming met hierdie standpunt bepaal is. Indien gebruik gemaak word van 'n komponent van netto wins wat nie as 'n lynitem in die inkomstestaat gerapporteer word nie, behoort 'n rekonsiliasie van die komponent wat gebruik is en 'n lynitem wat wel in die inkomstestaat gerapporteer word, voorsien te word. Bedrae van basiese en verwaterde verdienste per aandeel behoort met ewe veel prominensie openbaar gemaak te word.”

RE 306 spreek glad nie die situasie aan nie. As die navorsing van Balsam en Lipka (1998) in ag geneem word, is dit 'n goeie vereiste. Hulle het bevind dat ten volle verwaterde verdienste die sterkste sameloop met aandeelpryse het. Die respondente op die vraelys (Bylaag C) sou ook wesensverdienste en handhaafbare verdienste op 'n ten volle verwaterde basis geopenbaar wou hê.



Ten einde die onduidelikheid wat spruit uit RE 104 uit die weg te ruim, behoort daar 'n uitdruklike vereiste te wees dat beide wesensverdienste en handhaafbare verdienste per aandeel op 'n ten volle verwaterde grondslag aangebied behoort te word. Soos met basiese handhaafbare verdienste, sal die aantal aandele gebruik dieselfde wees as wat deur RE 104 voorgeskryf word, en dieselfde aanpassings as paragraaf 27 word aanbeveel. Paragraaf 27 lui as volg:

“Ten einde verwaterde verdienste per aandeel te bereken, behoort die bedrag van netto wins of verlies vir die tydperk toeskryfbaar aan gewone aandeelhouders, soos bereken ooreenkomstig paragraaf .12, aangesuiwer te word met die nabelastinguitwerking van:

- (a) enige dividende op verwaterende potensiële gewone aandele wat afgetrek is by die berekening van die netto wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouders soos bereken ooreenkomstig paragraaf .12,
- (b) rente wat in die tydperk vir die verwaterende potensiële gewone aandele erken is, en
- (c) enige ander veranderinge in inkomste of uitgawes wat sou voortspruit uit die omskepping van die verwaterende potensiële gewone aandele.”

#### 4.14 OPENBAARMAKING

Soos met enige aangeleentheid in die rekeningkundige omgewing, speel openbaarmaking 'n baie belangrike rol. 'n Aantal voorstelle word dus gemaak ten einde die mees gebruikersvriendelike hantering te verseker. (Voorstelle vir openbaarmaking wat elders in die teks gemaak is, word nie herhaal nie.)

Soos met wesensverdienste per aandeel behoort handhaafbare verdienste nie meer prominent as verdienste per aandeel gepubliseer te word nie (RE 104, paragraaf 52). Daarmee saam vervang dit ook nie VPA nie, maar is dit slegs 'n addisionele prestasiemaatstaf soos voorsien in RE 104 (paragraaf 52).

Die rekeningkundige beleid vir handhaafbare verdienste moet openbaar word, sodat die konsekwente toepassing daarvan van jaar tot jaar geëvalueer kan word (SAIGR, 1999f:par. 98). Hierdie beleid behoort konsekwent te wees oor tyd en in die hantering van soortgelyke items, vir beide wins- en verlieseffekte.

'n Rekonsiliasie tussen die syfer gebruik in VPA en handhaafbare verdienste per aandeel behoort 'n vereiste te wees, soos vereis deur RE 104 in paragraaf 50. Items behoort nie bloot saamgegroeper te word onder 'n generiese titel, byvoorbeeld "ongewone eenmalige verliese/winste" nie (SAIGR, 1999f:par. 34). Dit sal die kritiek aanspreek dat beleggers sodanige items bloot ignoreer as irrelevant, weens die eenmalige aard daarvan (Paterson, 1992:33). So ook behoort items nie teen mekaar afgespeel te word nie, aangesien dit die aard en omvang van items kan verbloem (Griffiths, 1986:52). Daar word voorgestel dat die rekonsiliasie nie op 'n per aandeel-grondslag aangebied word nie, dit wil sê, die rekonsiliasie moet die volle bedrae soos aangebied in die inkomstestaat, gebruik (Zeelie, 31 Oktober 2001). Dit sal die vergelyking met ander openbaarmakings en die evaluering van die omvang van die aanpassings vergemaklik.

Daar word ook verder gegaan en voorgestel dat daar duidelike en omvattende redes gegee word vir die hantering van sekere items (AICPA, 1994:80). Deur bloot die lynitem se benaming te herhaal soos wat dit elders in die finansiële state verskyn, is nie voldoende nie. Dit gee nie vir gebruikers die geleentheid om te verstaan wat die situasie is nie.

Onder normale omstandighede sal daar 'n bespreking wees in die jaarverslag van die handelsomgewing en omstandighede wat die resultate beïnvloed (Maatskappywet, 1973:Bylae 4, par. 78). Indien dit die geval is, behoort daar verwys te word na die openbaarmaking elders in die jaarverslag. As die finansiële state apart van hierdie inligting versprei word, of gaan word, behoort die bespreking in die finansiële state herhaal te word.

'n Verduideliking, verkieslik direk aanliggend tot die rekonsiliasie, moet die rekonsiliasie vergesel (RE 306, paragraaf 15). Dit behoort duidelik gestel te word dat die syfer 'n aanduiding gee van die

resultaat van die maatskappy wat volgens die direksie die kernbedrywighede verteenwoordig, maar dat dit onder géén omstandighede 'n toekomsvoorspelling is nie (Ferreira, 13 Augustus 2001). Dit is steeds bloot 'n historiese syfer. Daarmee saam behoort genoem te word dat dit op grond van die direkteure se oordeel die beste aanduiding van handhaafbaarheid is, maar dat gebruikers moontlik 'n ander opinie kan hê.

'n Verandering in rekeningkundige beleid word volgens RE 103 (paragraaf 45) terugwerkend toegepas. Indien daar so 'n verandering in beleid plaasvind, behoort die effek op die vergelykende syfers duidelik uitgelig te word in die rekonsiliasie deur dit as aparte lynitem te bespreek. Die bespreking wat elders in die finansiële state openbaar word, hoef nie herhaal te word nie. 'n Verwysing na die toepaslike aantekening sal voldoende wees indien dit omvattend genoeg is om die rekonsiliërende item te verstaan.

Elke individuele item se belastingeffek moet ook apart, saam met die verwante item, geopenbaar word (Aanhangsel tot RE 306). As die koers van toepassing op die individuele item afwyk van die standaardkoers, moet redes verskaf word (SAIGR, 1999k:par. 85(d)). As die gemiddelde koers in die inkomstestaat afwyk van die standaardkoers deur belastingwetgewing, moet daar ten minste 'n verwysing gegee word na die aantekening waarin die redes gegee word. As dit as gevolg van 'n eenmalige aangeleentheid was, behoort dit eksplisiet gestel te word, en daar behoort minstens 'n aanduiding gegee te word van die verwagtinge ten opsigte van die koers vir die volgende jaar.

Na aanleiding van Lev (1989) se studie waarin bevind is dat verdienste 'n goeie aanduiding van aandeelopbrengste op die langtermyn is, word daar aanbeveel dat die inligting vir ten minste vyf jaar openbaar word. Die volle vyf jaar sal die gesig van die inkomstestaat lomp maak, en die vyf jaar vergelyking sal dus eerder in 'n aantekening openbaar word. (As oorgangsmatreël sou dit aanvaarbaar wees om slegs die huidige jaar te openbaar, en dan later slegs die nuwe jare se syfers by te voeg tot minstens vyf jaar se syfers beskikbaar is (SAIGR, 1999g:par. 173).)

Sommige maatskappye het die gebruik om buiten vir die huidige en vorige jaar se syfers, ook vergelykende syfers aan te bied vir langer periodes, byvoorbeeld 10 jaar (Zeelie, 31 Oktober 2001). Die mees teoreties aanvaarbare wyse in sulke gevalle sou wees om die rekonsiliasie vir al die geopenbaarde jare te verskaf. Weens die omvang van die voorgestelde openbaarmaking mag so 'n aanbieding oor verskeie bladsye strek. Dit sou dus aanvaarbaar wees om nie die rekonsiliasie vir al die jare te openbaar nie. Sommige maatskappye toon in so 'n meerjarige vergelyking slegs hul eie gedefinieerde alternatiewe VPA (Connon, 1992:52). Dit is egter nie aanvaarbaar nie. Beide die standaard VPA en die handhaafbare VPA behoort minstens geopenbaar te word.

Uit erkenning aan die moontlike relevansie van kontantvloei vir besluitneming (verwys afdeling 2.3.2), word daar voorgestel dat die kontant- en nie-kontant-gedeeltes van die rekonsiliërende items geopenbaar word (AICPA, 1994:139). Die wyse waarop dit gedoen word, word oorgelaat aan die maatskappy. Dit kan byvoorbeeld as voetnota tot die rekonsiliasie geskied, as addisionele kolomme, of as nota tot elke rekonsiliërende item. Dit kan ook vir elke item opgedeel word, byvoorbeeld as volg:

Wins met verkoop van kantoorgebou	100
Kontant	40
Nie-kontant	60

Om te verhoed dat die rekonsiliasie weggesteek raak in die aantekeninge tot die finansiële state, behoort dit prominent direk na die inkomstestaat aangebied te word (SAIGR, 1999a:par. 48). Dit sal hopelik bewerkstellig dat gebruikers die moeite doen om ondersoek in te stel daarna.

Bogenoemde vereistes sal die opstellers van die state dwing om relevante inligting aan die gebruikers te verskaf.

#### 4.15 OMVANG

Aangesien die voorskrifte hier aangebied moontlik kan lei tot addisionele werk, word daar voorgestel dat slegs genoteerde maatskappye en maatskappye waarvan die aandeelhouers nie nou betrokke is by die bestuur van die maatskappy nie, verplig moet word om handhaafbare verdienste te openbaar (SAIGR, 1999a:par. 2). In gevalle waar die aandeelhouers self betrokke is by die bestuur van die maatskappy, sal hulle by magte wees om 'n oordeel te fel oor die handhaafbaarheid van verdienste. Buitendien sal hul insae nodig wees om te besluit oor die handhaafbaarheid van verdienste, al dan nie. Om 'n verpligting te plaas om dit te openbaar, sou nie koste-effektief wees nie.

#### 4.16 BEPERKING

Daar behoort 'n beperking geplaas te word in die standpunt of mening op die gebruik van die naam. As daar besluit sou word op handhaafbare verdienste, moet daar aan die riglyne en openbaarmakingsvereistes voldoen word om konsekwentheid oor jare en tussen maatskappye te bevorder, en om verwarring te verhoed (Hattingh, 1999b:33).

#### 4.17 FORMAAT VAN STANDPUNT OF MENING

Ten laaste word daar voorstelle gemaak vir die formaat waarin die riglyne aangebied behoort te word, indien dit saamgevat sou word in 'n mening van die SAIGR.

Die mening behoort, soos gedoen deur die *IIMR* (1993) in *SIP 1*, 'n verduideliking te gee oor die rede vir die voorgestelde hantering van sekere items. Dit gee die opstellers van finansiële state die geleentheid om die denkrigting te verstaan agter sekere hanterings, en om 'n ingeligte interpretasie te maak. Dit sal verhoed dat ontoepaslike hanterings blindelings gevolg word.

Daar behoort ook 'n bespreking te wees van wat handhaafbare verdienste behels (RE 306, paragraaf 15), en dat daar bloot weldeurdagte riglyne verskaf word. Dit moet duidelik gemaak word dat dit nie vir alle situasies toepaslik sal wees om die normhantering te volg nie.

#### 4.18 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is omvattende riglyne gebied vir die hantering van 'n wye verskeidenheid aangeleenthede in die bepaling van 'n handhaafbare verdienste-syfer. Die konsekwente toepassing van hierdie riglyne deur maatskappye van jaar tot jaar behoort vergelykbaarheid oor jare te bevorder. Omvattende openbaarmaking is voorgestel wat behulpsaam behoort te wees in die evaluering van handhaafbare verdienste en ander verdienste-inligting. Vervolgens word 'n puntsgewyse opsomming gegee van die voorstelle in hierdie hoofstuk gemaak.

- Buitengewone items behoort uitgesluit te word vir die berekening van handhaafbare verdienste.
- Tersaaklike handelsitems wat nie herhalend van aard is nie, behoort uitgesluit te word vir die berekening van handhaafbare verdienste.
- Die afskrywing van voorraad tot netto realiseerbare waarde behoort nie uitgesluit te word in die berekening van handhaafbare verdienste nie.
- Herstrukteringskoste behoort uitgesluit te word vir die berekening van handhaafbare verdienste, indien dit eenmalig van aard is en die koste afsonderlik identifiseerbaar is, en indien daar 'n direkte kousale verband tussen die koste en die herstrukturerings-aksie is.
- Die wins of verlies met die vervreemding van eiendom, aanleg en toerusting kan slegs uitgesluit word vir die berekening van handhaafbare verdienste as dit betrekking het op bates wat nie gereeld verkoop word nie. Indien daar 'n sikliese proses van vervanging is, kan die winste of verliese nie uitgesluit word nie.
- As norm behoort die wins of verlies met die verkoop van langtermynbeleggings uitgesluit te word vir die berekening van handhaafbare verdienste.

- Die resultaat van eindigende bedrywighede behoort uitgesluit te word uit die berekening van handhaafbare verdienste.
- Geen omstandighede word voorsien waar die skikking van regsgedinge uitgesluit kan word vir die berekening van handhaafbare verdienste nie.
- 'n Terugskrywing van 'n voorsiening moet op dieselfde wyse hanteer word as wat die voorsiening oorspronklik hanteer is.
- Geen aanpassing behoort gemaak te word vir waardevermindering nie.
- Die amortisasie van klandisiewaarde behoort nie verwyder te word uit die berekening van handhaafbare verdienste nie.
- Kapitale voorsienings behoort aan dieselfde oorwegings onderwerp te word as enige ander item, ongeag die feit dat dit 'n voorsiening is.
- Belasting behoort slegs aangepas te word om effek te gee aan die feit dat sekere items buite rekening gelaat is vir handhaafbare verdienste.
- Voorkeurdividende behoort afgetrek te word van handhaafbare verdienste, ongeag of dit betaal is al dan nie.
- Wanneer 'n raming verander word, behoort dit terugwerkend gedoen te word op dieselfde wyse as wat gedoen word met 'n verandering in rekeningkundige beleid.
- Die hantering vir oornames en samesmeltings behoort dieselfde te wees as wat tans die geval is.
- Indien 'n item aangepas word vir handhaafbare verdienste en dit is toewysbaar aan 'n segment, behoort dit in die segmentverslag ook aangepas te word.
- Die hantering van items behoort dieselfde te wees in beide gekonsolideerde en enkelstate.
- Handhaafbare verdienste per aandeel behoort op 'n ten volle verwaterde basis geopenbaar te word.
- Omvattende openbaarmakingsvereistes is gestel, waaronder dat daar 'n rekonsiliasie tussen verdienste en handhaafbare verdienste aangebied word.

- Daar word voorgestel dat die openbaarmaking van handhaafbare verdienste slegs vereis behoort te word van genoteerde maatskappye en maatskappye waarvan die aandeelhouders nie nou betrokke is by die bestuur nie van die maatskappy nie.
- Indien die voorstelle opgeneem sou word in 'n rekeningkundige standpunt of mening, behoort die agtergrond inligting verskaf te word om die redes vir die hantering van die verskillende items te verstaan.



## HOOFSTUK 5 : SAMEVATTING EN SLOT

Verdienste en wesensverdienste per aandeel is twee gewilde maatstawwe onder gebruikers om die prestasie van 'n maatskappy te beoordeel. In hierdie werkstuk, wat hoofsaaklik literatuurondersoek behels, word daar 'n derde maatstaf, naamlik handhaafbare verdienste per aandeel, voorgestel. Die doelstelling van handhaafbare verdienste is om 'n aanduiding te gee van die kernverdienste van 'n maatskappy, geskei van die effek van eenmalige items wat na verwagting nie die resultate in toekomstige jare sal beïnvloed nie.

Wesensverdienste word kortliks omskryf as 'n maatstaf van handelsprestasie, geskei van winste en verliese op kapitaalitems. Beide verdienste en wesensverdienste per aandeel is maatstawwe wat aan kritiek blootgestel is. Die felste punt van kritiek, naamlik die feit dat dit opsommende maatstawwe is, word verdedig deur te argumenteer dat juis die gewildheid daarvan rede moet wees vir omvattende openbaarmaking rondom die verskillende aspekte van verdienste. Teen die agtergrond van handhaafbaarheid is daar sekere tekortkominge te bespeur in die berekening van wesensverdienste. In die bepaling van wesensverdienste word byvoorbeeld alle kapitaalitems se wins- en verlies-effekte verwyder, terwyl slegs eenmalige winste en verliese eerder verwyder behoort te word.

Die redes vir handhaafbare verdienste is veelvoudig, maar opsommenderwys kan gestel word dat dit inligting is wat van belang is vir die gebruikers. Hulle het 'n behoefte na en 'n reg tot die mees relevante inligting om besluite op te baseer. Alhoewel daar 'n betoog gelewer kan word dat dit berekeninge verg wat eerder aan analiste oorgelaat behoort te word, word daar geargumenteer dat gebruikers nie noodwendig die tyd, kennis of inligting tot hul beskikking het om die nodige aanpassings aan verdienste te maak nie. Die standaardstelling van so 'n syfer sal verskeie voordele tot gevolg hê, waaronder dat dit die vergelykbaarheid oor tyd sal bevorder.

'n Bespreking is gelewer van 'n aantal potensieel eenmalige items en die rasionaal vir die in- of uitsluiting in die berekening van handhaafbare verdienste is ondersoek. 'n Voorbeeld is die

